 uitbetaalmasjien” in te voeg:
 “Bewaringsinstelling’ beteken ’n bewaringsinstelling soos omskryf in
 die Wet op Veilige Bewaring en Administrasie van Effekte, 1992 (Wet
 No. 85 van 1992);”; 30
- (h) deur die omskrywing van “Bingo” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “‘Bingo’ beteken ’n dobbelspel, insluitende ’n dobbelspel, in die
 geheel of gedeeltelik elektronies gespeel—
 (a) wat teen betaling gespeel word deur gebruik te maak van kaarte of
 ander toestelle— 35
 (i) wat verdeel is in spasies, elkeen met ’n ander nommer, prent of
 simbool daarop, en
 (ii) met nommers, prente of simbole wat lukraak gerangskik is
 sodat elke kaart of dergelyke toestel ’n unieke stel getalle,
 prente of simbole vertoon; 40
 (b) waar ’n operateur of aankondiger ’n reeks getalle, prente of simbole
 in lukraak volgorde uitroep of vertoon en die spelers elke nommer,
 prent of simbool moet laat pas by die nommer, prent of simbool op
 die kaart of toestel wanneer dit uitgeroep of vertoon word, en
 (c) waar die speler wat die eerste is om al die spasies op die kaart of 45
 toestel kan laat pas, of wat ’n bepaalde stel nommers, prente of
 simbole op die kaart of toestel kan laat pas, ’n prys wen,
 of enige ander wesenlik soortgelyke spel wat ingevolge artikel 6(4) van die
 Nasionale Wet tot bingo verklaar word;”;
- (i) deur die omskrywing van “Boekmaker” deur die volgende omskrywing te 50
 vervang:
 “‘Boekmaker’ beteken ’n persoon wat regstreeks of onregstreeks
 vasgestelde of ope weddenskappe met lede van die publiek of ander
 boekmakers plaas, of sulke weddenskappe met ander boekmakers
 aangaan;”; 55
- (j) deur die omskrywing van “Casino” deur die volgende omskrywing te
 vervang:
 “‘Casino’ beteken ’n perseel waar dobbelspelle gespeel word of
 beskikbaar is om gespeel te word, maar omvat nie ’n perseel nie waar—
 (a) slegs bingo en geen ander dobbelspel gespeel word of beskikbaar is 60
 om gespeel te word;

- (b) slegs beperkte uitbetaalmasjiene beskikbaar is om gespeel te word;
- (c) beperkte uitbetaalmasjiene en bingo, maar geen ander dobbelspel nie, gespeel word of beskikbaar is om gespeel te word, of
- (d) slegs sosiale dobbelary ingevolge hierdie Wet beoefen; word;”;
- (k) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “casino” in te voeg: 5
 “ ‘Deelgenoot’ beteken—
- (a) ’n werknemer;
- (b) ’n vennoot ingevolge ’n vennootskapsooreenkoms;
- (c) ’n medeaandeelhouer van ’n privaat maatskappy beoog in artikel 20 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973); 10
- (d) ’n medelid van ’n beslote korporasie beoog in artikel 2 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), en
- (e) ’n persoon aan wie ’n ander persoon volmag gegee het of van wie ’n ander persoon volmag gekry het;”;
- (l) deur die omskrywing van “Dobbelary” deur die volgende omskrywing te 15
 vervang:
 “ ‘Dobbelary’ of ‘dobbelaktiwiteit’ beteken enige aktiwiteit in artikel 1(2) hieronder beskryf maar sluit sosiale dobbel uit;”;
- (m) deur die volgende omskrywing van “Dobbelmasjien” na die omskrywing van 20
 “Dobbelary” in te voeg:
 “ ‘Dobbelmasjien’ beteken enige meganiese, elektriese, video-, elektroniese, elektromeganiese of ander toestel, middel, masjien of sagteware, uitgesonderd ’n vermaakmasjien wat—
- (a) beskikbaar is om gespeel of bedien te word teen betaling van ’n teenprestasie; en 25
- (b) as gevolg van die speel of bediening daarvan, die speler of bediener geregtig kan maak op ’n uitbetaling, of ’n uitbetaling of aan die speler of bediener kan besorg;”
- (n) deur die omskrywing van “Dobbelspel” deur die volgende omskrywing te 30
 vervang:
 “ ‘Dobbelspel’ beteken enige aktiwiteit in artikel 1(5) hieronder beskryf;”;
- (o) deur die omskrywing van “Dobbeltoestel” deur die volgende omskrywing te 35
 vervang:
 “ ‘Dobbeltoestel’ beteken toerusting of enige ander ding, uitgesonderd ’n geldeenheid, wat regstreeks by die uitvoering van ’n dobbelaktiwiteit gebruik word, of wat, ten tyde van die vervaardiging daarvan, bedoel was vir gebruik om die uitslag van ’n dobbelaktiwiteit te bepaal, en sonder inkorting van die algemeenheid van die voorafgaande omvat dit—
- (a) ’n muntoutomaat, en 40
- (b) dié gerekenariseerde of dergelike sagteware deur ’n lisensiehouer gebruik by die uitvoering van enige dobbelaktiwiteit ten opsigte waarvan die Raad bepaal dat dit ’n dobbeltoestel is;”;
- (p) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Eiendom” in te voeg: 45
 “ ‘Familielid’ beteken ’n persoon se—
- (a) gade, of
- (b) kind, ouer, broer of suster, ongeag of so ’n verwantskap toe te skryf is aan afkoms, ’n huwelik of aanneming;”;
- (q) deur die omskrywing van “Gade” deur die volgende omskrywing te vervang: 50
 “ ‘Gade’ beteken ’n persoon se—
- (a) huweliksmaat;
- (b) maat in ’n gewoonteverbintenis in ooenstemming met inheemse reg, of
- (c) maat in ’n verhouding waar die partye saamwoon op ’n wyse wat die voorkoms het van ’n huweliksverhouding of gewoonteverbintenis;”;
- (r) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Gade” in te voeg: 60
 “ ‘Gebeurlikheid’ beteken ’n gebeurtenis of geleentheid ten opsigte waarvan ’n persoon onseker is oor die uitkoms, of waarvan die uitkoms onbekend is aan ’n persoon, voordat dit gebeur;”;
- (s) deur die omskrywing van “Gebeurtenis” of “gebeurlikheid” te skrap;
- (t) deur die omskrywing van “Geldelike belang” deur die volgende omskrywing te vervang:

- “Geldelike belang’ beteken—
- (a) ’n reg of aanspraak om in wins of inkomste te deel;
- (b) ’n saaklike reg ten opsigte van eiendom van ’n maatskappy, korporasie of sakeonderneming;
- (c) ’n saaklike of persoonlike reg op eiendom wat deur ’n maatskappy, korporasie of sakeonderneming gebruik word, of
- (d) ’n regstreekse of onregstreekse belang in die stemdraende aandeel of stemreg verbonde aan aandeel, van ’n maatskappy, of ’n belang in ’n beslote korporasie;”;
- (u) deur die omskrywing van “Geliseniseerde renbaan” te skrap; 10
- (v) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “Hoof Uitvoerende Beampte” in te voeg:
 “Institusionele belegger’ beteken ’n openbaar verhandelde belegger in aandeel op ’n erkende effektebeurs wat slegs vir beleggingsdoeleindes gehou word;”, en
 “Internet’ het die betekenis uiteengesit in artikel 1 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet 25 van 2002);”;
- (w) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “Muntoutomaat” in te voeg:
 “Nasionale Wet’ beteken die Nasionale Dobbeltwet, 2004 (Wet 7 van 2004);”, en
 “Openbaar verhandelde belegger’ beteken ’n belegger wat op ’n erkende effektebeurs genoteer is en wat ’n belegger is in aandeel wat op ’n erkende effektebeurs genoteer is;”;
- (x) deur die omskrywing van “Ope weddenskap” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “Ope weddenskap’ beteken—
 (a) ’n weddenskap, uitgesonderd ’n totalisatorweddenskap, wat deur ’n boekmaker aanvaar word ten opsigte van een of meer gebeurlikhede, waar daar oor geen vasgestelde wenprys ooreengekom word wanneer die weddenskap geplaas word nie, of
 (b) ’n weddenskap ten opsigte waarvan die uitbetaling bepaal word ná bekendwording van die uitslag van die gebeurlikheid waarop daardie weddenskap aangegaan word, met verwysing na dividende deur ’n totalisator gegeneer;”;
- (y) deur die omskrywing van “Perseel” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “Perseel’ beteken enige terrein, plek of standplaas, [ongegag of dit ’n tydelike of permanente struktuur, gebou, vaartuig, voertuig of vliegtuig is of deel daarvan uitmaak] en sluit grond en enige gebou, struktuur, voertuig, skip, boot, vaartuig, vliegtuig of houer in;”;
- (z) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Perseel” in te voeg:
 “Persoon’ omvat ’n vennootskap, assosiasie, trust, of ’n regs persoon by of ingevolge enige wet ingestel;”;
- (aa) deur die omskrywing van “Politieke ampsdraer” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “Politieke ampsdraer’ beteken—
 (a) ’n lid van die Nasionale Vergadering, die Nasionale Raad van Provinsies of die Nasionale Kabinet;
 (b) ’n lid van ’n provinsiale wetgewer;
 (c) ’n lid van ’n munisipale raad of plaaslike owerheid;
 (d) ’n diplomatieke verteenwoordiger van die Republiek wat nie ’n lid van die staatsdiens is nie;
 (e) ’n lid van ’n huis, of raad, van tradisionele leiers, of
 (f) ’n nasionale of provinsiale ampsdraer van ’n politieke party;”;
- (bb) deur die omskrywing van “Renbaanlisensie” te skrap;
- (cc) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “Renbaanlisensie” in te voeg:
 “Roete-operateur’ beteken ’n persoon aan wie ’n roete-operateurlisensie ingevolge artikel 46 uitgereik is;”,
 “Roete-operateurlisensie’ beteken enige lisensie ingevolge artikel 46 uitgereik;”, en

- “‘Sentrale effektebewaarplek’ beteken ’n sentrale effektebewaarplek soos omskryf in die Wet op Veilige Bewaring en Administrasie van Effekte, 1992 (Wet No. 85 van 1992);”;
- (dd) deur paragraaf (c) van die omskrywing van “Sosiale dobbelary” soos volg te wysig: 5
 “(c) die speel van ’n vermaakspel [, **wat vir die toepassing van hierdie Wet ’n spel, soos voorgeskryf, beteken.**];”;
- (ee) deur die omskrywing van “Speler” deur die volgende omskrywing te vervang: 10
 “‘Speler’ of ‘kliënt’, beteken enige deelnemer, uitgesonderd ’n houër van ’n lisensie uitgereik ingevolge hierdie Wet, aan ’n [dobbelspel en omvat ’n wedder in enige wedderytransaksie.] dobbelaktiwiteit;”;
- (ff) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “Speler” in te voeg: 15
 “‘Staatsamptenaar’ beteken ’n persoon wat by ’n staatsorgaan of in ’n hof in diens is, of ’n regsprekende beampte;”, en
 “‘Staatsorgaan’ het die betekenis uiteengesit in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;”;
- (gg) deur die omskrywing van “Teenprestasie” deur die volgende omskrywing te vervang: 20
 “‘Teenprestasie’ beteken—
 (a) geld, handelsware, eiendom, ’n tjek, ’n tekenmunt, ’n kaartjie, elektroniese krediet, krediet, debiet of ’n elektroniese skyfie, of ’n dergelike voorwerp, of
 (b) enige ander ding, onderneming, belofte, ooreenkoms of versekering, ongeag die skynwaarde of intrinsieke waarde daarvan, en of dit regstreeks of onregstreeks oorgedra word;”;
- (hh) deur die volgende omskrywings word na die omskrywing van “teenprestasie” in te voeg: 25
 “‘Terrein’ beteken enige perseel gelisensieer vir die plasing van een of meer beperkte uitbetaalmasjien in artikel 47 beoog;”, en
 “‘Terreinlisensie’ beteken enige lisensie uitgereik ingevolge artikel 47;”;
- (ii) deur die omskrywing van “Totalisator” te skrap;
- (jj) deur die omskrywing van “Vasgestelde weddenskappe” deur die volgende omskrywing te vervang: 35
 “‘Vasgestelde weddenskap’ beteken ’n weddenskap op een of meer gebeurlikhede ten opsigte waarvan op ’n vasgestelde wedprys besluit word ten tyde van die plasing van die weddenskap;”;
- (ll) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “Vasgestelde weddenskap” in te voeg: 40
 “‘Vennoot’ beteken ’n party by ’n vennootskapsooreenkoms wat aangegaan word met die doel om wins te maak;”;
 “‘Vermaakmasjien’ beteken enige masjien of toestel, uitgesonderd ’n dobbeltoestel, waarop of waarmee ’n vermaakspel gespeel kan word;”, en
 “‘Vermaakspel’ beteken enige spel, uitgesonderd bingo of ’n spel wat soortgelyk is aan of ontwikkel het uit ’n spel wat normaalweg in ’n casino of op ’n muntoutomaat gespeel word met of deur middel van ’n vermaakmasjien wat teen betaling van geld, ’n tekenmunt of ’n dergelike voorwerp beskikbaar is vir speeldoeleindes, en wat die speler in staat stel om ’n prys te wen; met dien verstande dat so ’n prys nie in die vorm van kontant, tekenmunte, krediet of enige onderhandelbare instrument mag wees nie, maar beperk moet wees tot nie-kontantpryse met ’n kleinhandelwaarde van hoogstens die bedrag wat by regulasie ingevolge die Nasionale Wet voorgeskryf word;”;
- (mm) deur die omskrywing van “Voorsitter” deur die volgende omskrywing te vervang: 55
 “‘Voorsitter’ beteken [**n**] die persoon ingevolge artikel 3(3) as voorsitter van die Raad aangestel;”;
- (nn) deur die omskrywing van “Wed” of “weddery” deur die volgende omskrywing te vervang: 60
 “‘Wed’ of ‘weddery’ beteken ’n aktiwiteit soos in artikel 1(3) hieronder beskryf;”;

- (oo) deur die omskrywing van “Wedren” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘Wedren’ beteken enige perdewedren oor ’n omskrewede of ooreengekome baan, wat gehou word vir die vermaak van die publiek en lede van enige assosiasie of klub, maar omvat nie — 5
- (a) enige wedren in die aard van ’n openbare proefgalop nie, waar geen weddery plaasvind nie en wat gehou word onder die bestuur en beheer van die houer van ’n **[renbaanlisensie]** operateurlisensie, en
- (b) enige wedren of kompetisie van ’n privaat aard waar geen weddery plaasvind nie;”;
- (pp) deur die omskrywing van “Wenweddenskap” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘Wenweddenskap’ beteken enige weddenskap waar die persoon wat die weddenskap geplaas of aangegaan het, die uitslag van die **[gebeurtenis of]** gebeurlikheid of **[kombinasie daarvan]** gebeurlikhede ten opsigte waarvan die weddenskap aangegaan is, korrek **[voordobbelspel]** voorspel het, en”;
- (qq) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Wenweddenskap” in te voeg:
- “‘Werklisensie’ beteken ’n lisensie in artikel 27(l) en (m) bedoel.”, en 20
- (rr) deur die volgende subartikels na die omskrywing van “Werklisensie” in te voeg:
- “(2) ’n Aktiwiteit is ’n dobbelaktiwiteit indien dit die volgende insluit:
- (a) plasing of aanvaarding van ’n weddenskap ingevolge subartikel (3);
- (b) plasing of aanvaarding van ’n totalisatorweddenskap ingevolge subartikel (4), of
- (c) beskikbaarstelling van bingo of ’n ander dobbelstel vir speeldoeleindes, of die speel daarvan, soos in subartikel (5) beoog.
- (3) ’n Persoon plaas of aanvaar ’n weddenskap wanneer daardie persoon— 30
- (a) as speler, geld of enigiets wat waarde het, op ’n vasgestelde weddenskap of ’n ope weddenskap by ’n boekmaker inlê ten opsigte van enige gebeurlikheid, of
- (b) as boekmaker— 35
- (i) inleggeld of enigiets wat waarde het op ’n vasgestelde weddenskap of ’n ope weddenskap ten opsigte van enige gebeurlikheid van ’n speler aanvaar, of
- (ii) geld of enigiets wat waarde het, op ’n vasgestelde weddenskap of ’n ope weddenskap ten opsigte van enige gebeurlikheid by ’n ander boekmaker inlê; 40
- (c) geld of enigiets wat waarde het inlê by, of inleggeld of enigiets van waarde aanvaar van, een of meer ander persone ten opsigte van enige gebeurlikheid, of
- (d) uitdruklik of implisiet onderneem, belof of ooreenkom om enigiets in paragraaf (a), (b) of (c) beoog, te doen. 45
- (4) ’n Persoon plaas of aanvaar ’n totalisatorweddenskap wanneer daardie persoon geld of enigiets wat waarde het, inlê ten opsigte van die uitslag van ’n gebeurtenis of kombinasie van gebeurtenisse volgens—
- (a) ’n stelsel wat die totale bedrag ingelê, na aftrekkings waarvoor by wet of by ooreenkoms voorsiening gemaak word, verdeel onder die persone wat wenweddenskappe aangegaan het in verhouding tot die bedrag wat elkeen ten opsigte van ’n wenweddenskap ingelê het, of
- (b) enige wedskema, vorm van wed of wedstelsel, ongeag of dit meganies werk of nie, wat volgens dergelike beginsels funksioneer.
- (5) ’n Aktiwiteit is ’n dobbelstel indien— 55
- (a) dit aan die volgende maatstawwe voldoen:
- (i) dit word gespeel teen betaling van enige teenprestasie, met die moontlikheid dat die persoon wat die spel speel, aanspraak sal kan maak op ’n uitbetaling of ’n uitbetaling sal kan ontvang, en
- (ii) die uitslag bepaal kan word deur die vaardigheid van die speler, die gelukfaktor, of albei, of 60

- (b) dit 'n weddenskap ingevolge subartikel (3) is wat in 'n casino geplaas word ten opsigte van 'n aktiwiteit wat aan die maatstawwe in paragraaf (a) voldoen.
- (6) Ondanks subartikel (5), vir die toepassing van hierdie Wet, is die volgende aktiwiteite geeneen 'n dobbelspel nie: 5
- (a) 'n weddenskap ingevolge subartikel (3), uitgesonderd 'n weddenskap in subartikel (5)(b) beoog;
- (b) 'n totalisatorweddenskap ingevolge subartikel (4), of
- (c) 'n vermaakspel.
- (7) Behoudens paragraaf (b) is 'n uitbetaling— 10
- (a) enige geld, handelsware, eiendom, 'n tjek, krediet, elektroniese krediet, 'n debiet, 'n tekenmunt, 'n kaartjie of enigiets anders wat waarde het, deur 'n speler gewen—
- (i) ongeag of dit omrede van die speler of bediener se vaardigheid, die werking van die gelukfaktor, of albei is, en 15
- (ii) ongeag hoe die uitbetaling gedoen word.
- (b) Die volgende is geeneen 'n uitbetaling nie:
- (i) 'n geleentheid om 'n verdere spel te speel, of:
- (ii) 'n prys wat gaan aan 'n deelnemer of span deelnemers aan 'n sportgebeurtenis vir die deelnemer of span se prestasie in daardie gebeurtenis. 20
- (c) Die uitslag van 'n dobbelspel—
- (i) is 'n geleentheid om 'n verdere spel te speel indien die speler die geleentheid gebied word om sonder onderbreking voort te gaan om die tipe spel te speel— 25
- (aa) ten opsigte waarvan die geleentheid gewen is, en
- (bb) op die masjien waarop die geleentheid gewen is, maar
- (ii) is nie 'n geleentheid om 'n verdere spel te speel nie indien die geleentheid op enige wyse, hetsy regstreeks of onregstreeks—
- (aa) uitgedeel of oorgedra kan word aan die persoon wat so 'n geleentheid gewen het, of aan enige ander persoon, of 30
- (bb) in geld, eiendom, 'n tjek, krediet of enigiets anders wat waarde het, omskep kan word, of
- (cc) omskep kan word ooreenkomstig enige skema, reëling, stelsel, plan of toestel ingevolge die Nasionale Wet voorgeskryf.”. 35

Wysiging van artikel 3 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 2 van Wet 11 van 1997 en artikel 6 van Wet 4 van 1997

4. Artikel 3 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 40
- “(1) Die Raad bestaan uit sewe lede wat op 'n deelydse grondslag deur die Uitvoerende Raad aangestel word in ooreenstemming met die voorgeskrewe prosedure, wat voorsiening maak vir openbare deelname [in] aan die benoeming van kandidate vir aanstelling; met dien verstande dat die staande komitee van die Provinsiale Wetgewer wat vir hierdie Wet verantwoordelik is, al die kandidate se geskiktheid vir aanstelling [op] in die Raad moet evalueer.”, en 45
- (b) deur subartikel (2A) te skrap.

Wysiging van artikel 5 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 7 van Wet 4 van 1997 en artikel 2 van Wet 10 van 1997 50

5. Artikel 5 van die Wet word gewysig—
- (a) deur die uitdrukking “(1)” na die artikelnommer in te voeg;
- (b) in subartikel (1), deur paragraaf (f) deur die volgende paragraaf te vervang: 55
- “(f) enigeen wat, hetsy persoonlik of deur sy of haar gade, [’n onmiddellike] familielid, [binne die eerste graad van aanverwantskap of die tweede graad van bloedverwantskap, ’n] vennoot of deelgenoot[, of enige persoon wat aangetroude familie van sodanige persoon is]—
- (i) 'n regstreekse of onregstreekse geldelike belang in enige dobbelarybesigheid of -instelling het of verkry, of

- (ii) enige belang het **[by]** in enige besigheid of onderneming wat strydig is met of inbreuk maak op die behoorlike verrigting van sy of haar pligte as 'n lid of werknemer van die Raad, of **[by]** in enige lisensie kragtens hierdie Wet uitgereik.”, en
- (c) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg: 5
“(2) Vir die toepassing van hierdie artikel omvat 'n onregstreekse geldelike belang nie 'n onregstreekse belang wat deur enige fonds of belegging gehou word nie indien die persoon wat dié belang hou geen beheer het oor die beleggingsbesluite wat ten opsigte van daardie fonds of belegging gemaak word nie.” 10

Wysiging van artikel 12 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 4 van Wet 10 van 1997, artikel 10 van Wet 4 van 1997 en artikel 1 van Wet 1 van 2003

6. Artikel 12 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 15
 (3) om lisensies kragtens hierdie Wet toe te staan, te hernieu, te wysig, te weier, oor te dra, op te skort of in te trek;”;
- (b) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:
“(4A) om nasionale lisensies ingevolge die Nasionale Wet toe te staan, te hernieu, te weier, of op te skort of in te trek;”;
- (c) deur subartikel (5) te skrap, en 20
- (d) deur subartikel (14) deur die volgende subartikel te vervang:
“(14) om reëls te maak wat die lisensiëring, beoefening en bedryf van enige **[dobbelry of wedrenne of verwante aktiwiteit]** dobbelry-aktiwiteit beheer;”.

Wysiging van artikel 15 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 13 van Wet 4 van 1997, artikel 5 van Wet 11 van 1997 en artikel 5 van Wet 10 van 1997 25

7. Artikel 15 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 30
“(1) 'n Lid of werknemer van die Raad, 'n lid van die Uitvoerende Raad of 'n lid van die staande komitee van die Provinsiale Wetgewer verantwoordelik vir hierdie Wet **[sy of haar]** of hul **[gade of 'n onmiddellike]** familielid **[soos omskryf in artikel 5(f)]** mag nie regstreeks of onregstreeks enigiets **[van waarde]** wat waarde het, wat strydig is met of inbreuk maak op die behoorlike verrigting van sodanige lid of sodanige werknemer se pligte, van enige persoon ontvang nie.”, en 35
- (b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
“(2) 'n Lid van die Raad, die Uitvoerende Raad of die staande komitee van die Provinsiale Wetgewer verantwoordelik vir hierdie Wet en hul gade mag nie binne vier jaar na afloop van hul ampstermyn werk bekom of aanvaar nie van— 40
- (a) enige persoon wat aansoek gedoen het om, of aan wie 'n uitreiking gedoen is van, 'n lisensie ingevolge hierdie Wet, of
- (b) enige persoon of instelling wat vergoeding aanbied of betaal wat geheel en al of gedeeltelik gefinansier of gesubsidieer word deur of afkomstig is van enige persoon in paragraaf (a) beoog; 45
- met dien verstande dat in die geval van 'n lid van die Raad wat bedank, die onverstreke gedeelte van sy of haar ampstermyn by die aantal jare in die voorafgaande bepaling genoem, bygevoeg word.”,

Wysiging van artikel 15A van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 6 van Wet 10 van 1997 50

8. Artikel 15A van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
“(1) 'n Lid of werknemer van die Raad moet onmiddellik aan die Raad 'n openbaarmaking doen indien— 55
- (a) hy of sy, of sy of haar **[gade of 'n onmiddellike]** familielid soos omskryf in artikel **[5(f)]** 30(2)(d), enige regstreekse of onregstreekse geldelike belang in enige dobbelrybesigheid het of verkry;

- (b) hy of sy, of sy of haar [**gade of 'n onmiddellike**] familielid [**soos omskryf in artikel 5(f)**] enige regstreekse of onregstreekse geldelike by enige besigheid of onderneming het of verkry wat strydig is met of inbreuk maak op die behoorlike verrigting van sy of haar pligte as 'n lid of werknemer van die Raad, of in enige lisensie kragtens hierdie Wet uitgereik; 5
- (c) hy of sy, of sy of haar [**gade of 'n onmiddellike**] familielid [**soos omskryf in artikel 5(f)**] enigiets beoog in artikel 15(1) ontvang;
- (d) hy of sy, of sy of haar [**gade of 'n onmiddellike**] familielid [**soos omskryf in artikel 5(f)**] om 'n betrekking aansoek doen by of werk aanvaar van 'n lisensiehouer of 'n aansoeker om 'n lisensie ingevolge hierdie Wet, en 10
- (e) hy of sy aan dobbelary deelgeneem het, of indien dit onder sy of haar aandag kom dat sy of haar gade aan dobbelary deelgeneem het, in hierdie Provinsie of by enige dobbelarybesigheid in artikel 15(3) beoog.”, en 15

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

“(3) Vir die toepassing van hierdie artikel omvat 'n onregstreekse geldelike belang nie 'n onregstreekse belang wat deur enige fonds of belegging gehou word nie indien die persoon wat dié belang hou geen beheer het oor die beleggingsbesluite wat ten opsigte van daardie fonds of belegging gemaak word nie.” 20

Wysiging van artikel 20 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 19 van Wet 4 van 1997 en artikel 2 van Wet 1 van 2003

9. Artikel 20 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 25

“(3) Die Raad kan in enige boekjaar versoeke om bykomende fondse tot die verantwoordelike Lid rig vir insluiting by die aansuiweringsbegroting [**soos beoog in die omskrywing daarvan in artikel 1 van die Wes-Kaapse Skatkweswet, 1994 (Wet 4 van 1994)**] in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing.” 30

Wysiging van artikel 23 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 20 van Wet 4 van 1997, artikel 8 van Wet 10 van 1997, artikel 2 van Wet 4 van 1999 en artikel 4 van Wet 1 van 2003

10. Artikel 23 van die Hoofwet word gewysig deur subparagraaf (iii) van paragraaf (1)(a) deur die volgende subparagraaf te vervang: 35

(iii) enige oortreding of beweerde oortreding, of nienakoming of beweerde nienakoming, van 'n bepaling van hierdie Wet op enige gelisensieerde perseel of deur die houer van 'n lisensie kragtens hierdie Wet uitgereik.”

Wysiging van artikel 27 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 3 van Wet 4 van 1999 en artikel 2 van Wet 11 van 2000 40

11. Artikel 27 van die Hoofwet word gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf (g) in te voeg:

“(hB) nasionale lisensies, soos beoog in die Nasionale Wet;”.

Invoeging van artikel 27A in Wet 4 van 1996 45

12. Die volgende artikel word na artikel 27 van die Hoofwet ingevoeg:

“Nasionale lisensies

27A. (1) Die Raad kan nasionale lisensies uitreik, soos beoog in die Nasionale Wet.

(2) Uitgesonderd soos anders in die Nasionale Wet bepaal, is die bepalings van hierdie Wet van toepassing ten opsigte van enige nasionale lisensie ingevolge die Nasionale Wet uitgereik. 50

(3) Ondanks die bepalings van hierdie Wet, is die houer van 'n nasionale lisensie geregtig om die aktiwiteite daarby gemagtig in die Provinsie uit te voer asof dié lisensie ingevolge hierdie Wet uitgereik is.”

Wysiging van artikel 28 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 23 van Wet 4 van 1997 en artikel 2 van Wet 8 van 1998

5

13. Artikel 28 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“28. Ten einde te kwalifiseer vir 'n lisensie—

- | | |
|---|----|
| (a) moet 'n persoon, uitgesonderd 'n maatskappy of ander regspersoon— | |
| (i) 'n geskikte en gepaste persoon wees wie se karakter, integriteit, eerlikheid, vorige gedrag, ontsag vir die reg, reputasie, gewoontes en verbintnisse nie gevaar inhou vir die gesondheid, veiligheid, sedes, goeie orde en algemene welsyn van die inwoners van die Provinsie en vir die bepalings en beleid van hierdie Wet nie, en | 10 |
| (ii) nie gediskwalifiseer wees kragtens hierdie Wet nie, en | 15 |
| (b) moet 'n maatskappy of regspersoon— | |
| (i) kragtens die wette van die Republiek geregistreer wees, en | |
| (ii) goeie kredietwaardigheid en voldoende middele hê om die aktiwiteit waarvoor die lisensie vereis word, te onderneem en te onderhou, en | 20 |
| (iii) met die nodige veranderinge voldoen aan paragraaf (a).” | |

Wysiging van artikel 29 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 24 van Wet 4 van 1997, artikel 9 van Wet 10 van 1997 en artikel 4 van Wet 4 van 1999

14. Artikel 29 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

Diskwalifisering ten opsigte van lisensie

25

“29. 'n Persoon mag nie 'n werklisensie ingevolge hierdie Wet uitgereik, hou nie, indien daardie persoon—

- | | |
|--|----------|
| (a) nie voldoen aan die vereistes van artikel 28(a)(i) nie; | |
| (b) 'n insolvente persoon is wat nie gerehabiliteer is nie of onderworpe is aan enige handelingsonbevoegdheid; | 30 |
| (c) 'n lid van die Raad, 'n lid van die Uitvoerende Raad of 'n lid van die staande komitee van die Provinsiale Wetgewer verantwoordelik vir hierdie Wet, of 'n familielid van daardie persoon is; | |
| (d) 'n werknemer van die Raad of 'n familielid van daardie persoon is; met dien verstande dat die Raad so 'n diskwalifikasie kan kondoneer waar dit ten opsigte van 'n familielid bestaan, as hy tevrede is dat geen wesenlike belangebotsing omrede van dié werk sal ontstaan nie; | 35 |
| (e) onder die ouderdom van 18 jaar is; | |
| (f) 'n staatsamptenaar of politieke ampsdraer is; | |
| (g) as gevolg van ondersoek of navrae ingevolge artikel 30(2) uitgevoer, blyk gediskwalifiseer te wees om 'n belang in 'n lisensiehouer, 'n gelisensieerde perseel, of die besigheid waarop 'n lisensie betrekking het, te hou; | 40 |
| (h) gelys is in die register van uitgesluite persone in die Nasionale Wet beoog; | 45 |
| (i) onderworpe is aan 'n bevel van 'n bevoegde hof wat beslis het dat die persoon geestelik ongeskik of versteur is; | |
| (j) voorheen al uit 'n vertrouensamp verwyder is op grond van wangedrag ten opsigte van bedrog of die wederregtelike toeëiening van geld, of | |
| (k) gedurende die voorafgaande tien jaar, in die Republiek of elders, skuldig bevind is aan korrupsie, diefstal, bedrog, vervalsing of die in omloop bring van vervalste stukke, myneed, of 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of die Nasionale Wet, en gevonnissen is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of tot 'n boete wat die bedrag ingevolge die Nasionale Wet voorgeskryf, oorskry, tensy amnestie of algehele kwytskelding vir die misdryf aan die persoon toegestaan is.” | 50
55 |

Wysiging van artikel 30 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 25 van Wet 4 van 1997

15. Artikel 30 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“[Persone met sekere regstreekse of onregstreekse belange gediskwalifiseer]

5

Diskwalifikasies en beperkings ten opsigte van ander lisensies

30. (1) Hierdie artikel is nie van toepassing op ’n werklisensie nie.

(2) ’n Persoon mag nie ’n lisensie in hierdie artikel bedoel of ’n geldelike belang in die houer van daardie lisensie, hou nie, indien daardie persoon—

(a) ’n persoon beoog in artikel 29(a), (e), (f), (i), (j) of (k) is;

10

(b) ’n regspersoon is ten opsigte waarvan die Staat of enige staatsorgaan of enige organisasie waarby die Staat betrokke is, enige geldelike belang, uitgesonderd vir sover dit belastings betref, in enige dobbelaktiwiteit het; met dien verstande dat die bepaling van hierdie paragraaf nie ’n belang insluit wat gehou word deur die Staat of enige staatsorgaan of enige organisasie waarby die Staat betrokke is, voortspruitend uit ’n armlengte-handelstransaksie ten opsigte van—

15

(i) ’n huurooreenkoms ten opsigte waarvan die huurgeld betaalbaar nie bepaal word met betrekking tot die omset van of wins uit enige dobbelaktiwiteit nie;

20

(ii) die verkoop van eiendom, of

(iii) die toestaan van ’n keuse om te koop;

(c) ’n insolvente persoon is wat nie gerehabiliteer is nie, of

(d) ’n familielid is, uitgesonderd ’n broer of suster, van ’n persoon wat ’n lid of werknemer is van ’n beherende gesag wat toesig oor daardie lisensiehouer hou;

25

met dien verstande dat, by die oorweging van aansoeke om die toestaan of hernuwing van lisensies of die evaluering van die geskiktheid van lisensiehouers of persone wat ’n geldelike belang daarin het, die Raad die reg het, maar nie verplig is nie, om ondersoeke of navrae uit te voer ten opsigte van persone wat ’n geldelike belang van minder as vyf persent in die aansoeker hou.

30

(3) Die Raad moet weier om ’n lisensie aan ’n aansoeker uit te reik indien hy, na afloop van die ondersoeke of navrae in subartikel (2) beoog, rede het om te glo dat—

35

(a) die aansoeker, enige persoon wat ’n geldelike belang in die aansoeker hou, of enige bestuurder van die betrokke besigheid, ’n familielid, uitgesonderd ’n broer of suster, is, of ’n persoon is wat ’n lid of werknemer van daardie lisensiëringsowerheid is; of

(b) die aansoeker of enige persoon wat ’n geldelike belang van vyf persent of meer in die aansoeker hou, ingevolge subartikel (2) gediskwalifiseer is om ’n belang in ’n lisensiehouer of die besigheid waarop ’n lisensie betrekking het, te hou.

40

(4) Vir die toepassing van hierdie artikel omvat ’n geldelike belang nie ’n onregstreekse belang wat gehou word in enige fonds of belegging nie indien die persoon wat daardie belang hou, geen beheer het oor die beleggingsbesluite wat ten opsigte van daardie fonds of belegging gemaak word nie.”.

45

Wysiging van artikel 35 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 29 van Wet 4 van 1997, artikel 11 van Wet 10 van 1997 en artikel 5 van Wet 4 van 1999

50

16. Artikel 35 van die Hoofwet word gewysig deur subparagraaf (vi) van subartikel (3) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(vi) die aansoeker kwalifiseer ingevolge artikel [28]29 en is nie ingevolge artikel [29]30 gediskwalifiseer nie, en”.

Wysiging van artikel 37 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 31 van Wet 4 van 1997

17. Artikel 37 van die Hoofwet word gewysig —
- (a) deur paragraaf (f) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 5
“(f) met betrekking tot die persele waarin of waarop [**dobbelary, wedrenne of aktiwiteite wat daarmee in verband staan**] dobbelaktiwiteite [gaan] plaasvind, insluitend die ontwikkeling en gebruik daarvan;”;
 - (b) deur paragraaf (g) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 10
“(g) wat die voorlegging van verslae en opgawes met betrekking tot [**dobbelary of wedrenne of daarmee gepaardgaande aktiwiteite**] dobbelaktiwiteite aan die Raad vereis;”;
 - (c) deur paragraaf (i) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 15
“(i) met betrekking tot die dae waarop en ure waartydens [**dobbelary**] dobbelaktiwiteite beoefen kan word of wedrenne kan plaasvind;”, en
 - (d) deur paragraaf (k) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 15
“(k) met betrekking tot enige toerusting of toestel wat in verband met enige [**dobbelary**] dobbelaktiwiteite of wedrenne gebruik word of gebruik moet word;”.

Wysiging van artikel 39 van Wet 4 van 1996, soos gewysig deur artikel 33 van Wet 4 van 1997 20

18. Artikel 39 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 25
“(2) Die Raad kan van tyd tot tyd gelas dat die bedrag of waarde van die sekuriteit bedoel in subartikel (1) vermeerder of verminder word en daarna moet die betrokke lisensiehouer binne sewe dae vandat hy ’n kennisgewing ontvang het dat die Raad aldus gelas het, toesien dat die sekuriteit in ooreenstemming met sodanige lasgewing vermeerder of verminder word.”;
 - (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 30
“(3) Indien enige sekuriteit verskaf ingevolge subartikel (1) verstryk, ongeldig word of nie vermeerder word binne die tydperk in subartikel (2) beoog nie, word die betrokke lisensie, ondanks die bepalings van artikel 42(3)(a), geag ingevolge artikel 42(1) opgeskort te gewees het, en mag die lisensiehouer nie voortgaan om die besigheid gemagtig kragtens dié lisensie te dryf nie totdat sodanige sekuriteit herstel is of geldig gemaak is of vervang of vermeerder is.”;
 - (c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: 35
“(5) As ’n lisensiehouer versuim om enige belastings, gelde of dobbelaryverpligtinge te betaal wat kragtens hierdie Wet deur hom [**of haar**] verskuldig en betaalbaar is, moet die Hoof Uitvoerende Beampte die sekuriteit in subartikel (1) realiseer en enige geld verkry uit die realisasie daarvan, 40
aanwend ter betaling van die belastings, gelde of dobbelaryverpligtinge wat verskuldig en betaalbaar is, en daarna—
 - (a) is die bepalings van subartikel (2) van toepassing indien die bedrag van die sekuriteit aldus gerealiseer minder as die helfte van die sekuriteit is wat deur die Raad ten opsigte van daardie lisensiehouer bepaal is, of 45
 - (b) is die bepalings van subartikel (3) van toepassing indien die bedrag van die sekuriteit aldus gerealiseer die helfte of meer van die totale sekuriteit is wat deur die Raad ten opsigte van daardie lisensiehouer bepaal is.” en 50
 - (d) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang: 55
“(6) Wanneer ook al ’n lisensie, uitgereik ingevolge hierdie Wet, verstryk of [**opgeskort**] ingetrek word soos in hierdie Wet bepaal, moet die Hoof Uitvoerende Beampte na ’n tydperk van nie minder nie as negentig dae na die datum van sodanige verstryking of intrekking en nadat daar aan die bepalings van subartikel (5) voldoen is, indien sodanige bepalings van toepassing is, die sekuriteit of die saldo van die sekuriteit vrystel.”.

Wysiging van artikel 41 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 35 van Wet 4 van 1997 en artikel 7 van Wet 4 van 1999

19. Artikel 41 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur die artikelopskrif deur die volgende artikelopskrif te vervang: 5
 “[**Nie-oordraagbaarheid**] **Beperkings op oordraagbaarheid van lisensies**”;
- (b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 10
 “(1) [**Geen**] Behoudens die bepalings van subartikel (1A), mag geen lisensie wat kragtens hierdie Wet toegestaan is, [mag] deur die houër daarvan aan ’n ander persoon oorgedra word nie, en mag geen perseellisensie kragtens hierdie Wet uitgereik [mag] oorgedra word van ’n perseel waarop dit betrekking het, na enige ander perseel nie.”, en
- (c) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg: 15
 “(1A) ’n Lisensie mag slegs van ’n bestaande lisensiehouer na ’n ander persoon oorgedra word indien—
- (a) die oordrag van daardie lisensie van die bestaande lisensiehouer na ’n ander persoon nodig is om nakoming van die bepalings van die Nasionale Wet te verseker;
- (b) die bestaande lisensiehouer skriftelike aansoek by die Raad gedoen het om die oordrag van sy lisensie op die gronde in paragraaf (a) uiteengesit, en 20
- (c) die Raad die aansoek beoog in paragraaf (b) goedgekeur het.”. 15

Wysiging van artikel 41A van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 36 van Wet 4 van 1997

20. Artikel 41A van die Hoofwet word gewysig— 25
- (a) deur die artikelopskrif deur die volgende artikelopskrif te vervang:
 “**Dood of ongeskiktheid van persoon wat belang in ’n lisensiehouer hou**”;
- (b) deur subartikel (1) te skrap;
- (c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 30
 “(2) Wanneer [**die**] ’n belang in ’n gelisensieerde dobbelarybesigheid wat gehou is deur ’n [ontslape of ongeskikte] persoon wat sterf of ongeskik word [gehou is], deur regswerking of andersins oorgaan in sy of haar boedel of op enige ander persoon as die eksekuteur of kurator of ’n [mede-lisensiehouer oorgaan, moet sodanige] ander persoon wat ’n belang in dieselfde [mede-lisensiehouer] lisensiehouer hou, moet die eksekuteur van die boedel of sodanige ander persoon [of die eksekuteur van die boedel] binne 30 dae na die datum van afsterwe of ongeskiktheid by die Raad aansoek doen om die toepaslike lisensie [aansoek doen].”.

Wysiging van artikel 46 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 40 van Wet 4 van 1997

21. Artikel 46 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur die artikelopskrif deur die volgende artikelopskrif te vervang: 45
 “[**Beperktedobbelmasjien-operateurlisensie**] **Roete-operateurlisensie**”;
- (b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 45
 “(1) ’n [**Beperktedobbelmasjien-operateurlisensie**] Roete-operateurlisensie word slegs uitgereik aan ’n maatskappy wat ingevolge die [Wet op Maatskappye] Maatskappywet, 1973, geregistreer is.”;
- (c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 50
 “(2) ’n [**Beperktedobbelmasjien-operateurlisensie**] Roete-operateurlisensie is ’n vereiste vir elke maatskappy wat die besigheid van die bedryf van beperkte [dobbelmasjiene] uitbetaalmasjiene in of op een of meer persele, gelisensieer ingevolge artikel 47, toelaat of daarby betrokke is.”;

- (d) deur subartikel (2A) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(2A) ’n [**Beperktedobbelmasjien-operateurlisensie**] Roete-operateurlisensie is gekoppel aan die [**perseel**] operateur in die lisensie gespesifiseer.”, en
- (e) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 5
 (3) ’n [**Beperktedobbelmasjien-operateurlisensie**] Roete-operateurlisensie magtig, onderworpe aan enige voorwaardes wat die Raad oplê, die gebruik van goedgekeurde beperkte [**dobbelmasjiene**] uitbetaalmasjiene in of op persele of die dele van sodanige persele wat ingevolge artikel 47 gelisensieer is.”. 10

Wysiging van artikel 47 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 41 van Wet 4 van 1997

22. Artikel 47 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur die artikelopskrif deur die volgende artikelopskrif te vervang: 15
 “[**Beperktedobbelmasjien-perseellisensie**] Terreinlisensie”, en
- (b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
 (1) ’n [**Beperktedobbelmasjien-perseellisensie**] Terreinlisensie is ’n vereiste vir enige perseel in die Provinsie waarin of waarop beperkte [**dobbelmasjiene**] uitbetaalmasjiene aangebring word deur die houer van ’n [**beperktedobbelmasjien-operateurlisensie**] roete-operateurlisensie.”; 20
- (c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(2) ’n [**Beperktedobbelmasjien-perseellisensie**] Terreinlisensie magtig, onderworpe aan enige voorwaardes wat die Raad oplê, die aanhou en vertoon, vir [**speel**] speeldoeleindes, van enige beperkte [**dobbelmasjiene**] uitbetaalmasjiene [**in die lisensie gespesifiseer**], in of op die gelisensieerde perseel of die deel van sodanige perseel in die lisensie gespesifiseer, wat ingevolge artikel 46 [**gebruik**] bedryf word.”; 25
- (d) deur die volgende subartikels na subartikel (2) in te voeg:
 “(3) ’n Terreinlisensie is gekoppel aan die perseel in die lisensie gespesifiseer. 30
 (4) Die Raad staan nie ’n aansoek om ’n terreinlisensie toe nie, tensy hy tevrede is dat—
 (a) die persoon wat verantwoordelik sal wees vir die bedryf van die dobbelarybesigheid op die terrein, en 35
 (b) behoudens die voorbehoudsbepaling by artikel 30(2), alle persone wat ’n geldelike belang van vyf persent of meer hou in die persoon in paragraaf (a) beoog, 40
 voldoen aan die bepalings van artikels 28 of 29, na gelang van die geval, en 30.”.

Wysiging van artikel 48 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 8 van Wet 4 van 1999

23. Artikel 48 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(2) ’n Bingolisensie is ’n vereiste vir elke persoon wat in die Provinsie die speel van bingo [**toelaat of beoefen**], uitgesonderd vir die doel van sosiale dobbelary ingevolge artikel 67(1)(c) gemagtig, in of op ’n perseel of persele in sodanige lisensie gespesifiseer, toelaat of beoefen, welke perseel of persele ingevolge artikel 48A gelisensieer word.”. 45

Wysiging van artikel 53 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 44 van Wet 4 van 1997 en artikel 13 van Wet 4 van 1999 50

24. Artikel 53 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(3) ’n Totalisator-operateurlisensie magtig, onderworpe aan enige voorwaardes wat die Raad oplê, die gebruik van ’n totalisator ten opsigte van [**enige gebeurtenis of**] dié [gebeurlikheid] gebeurlikhede wat bestaanbaar is met die bepalings van die Wet op Loterye, 1997 (Wet 57 van 1997), en die aanvaarding van inleggeld ten 55

opsigte van sodanige totalisator in of op 'n perseel ingevolge artikel 54 gelisenseer.”.

Wysiging van artikel 54 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 45 van Wet 4 van 1997 en artikel 14 van Wet 4 van 1999

25. Artikel 54 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 5

“(2) 'n Totalisator-perseellisensie magtig, onderworpe aan enige voorwaardes wat die Raad oplê, die aanvaarding van inleggeld ten opsigte van 'n totalisator in of op die perseel in sodanige lisensie gespesifiseer, deur die houer van 'n lisensie in [gelisenseer ingevolge] artikel 53 beoog.”.

 10

Wysiging van artikel 55 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 46 van Wet 4 van 1997 en artikel 15 van Wet 4 van 1999

26. Artikel 55 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) 'n Boekmakerlisensie is 'n vereiste vir elke persoon wat in die Provinsie betrokke is by die besigheid van regstreekse of onregstreekse plasing of [aanvaarding] aangaan van weddenskappe[, uitgesonderd totalisator-tipe weddenskappe,] soos in artikel 1 omskryf, met lede van die publiek of ander boekmakers op 'n perseel of persele in daardie lisensie gespesifiseer, wat kragtens artikel 55A gelisenseer is.”.

 15 20

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) 'n Boekmakerlisensie magtig, onderworpe aan enige voorwaardes wat die Raad oplê, die bedryf van die besigheid van 'n boekmaker in of op die perseel deur vasgestelde en ope weddenskappe, maar nie [totalisator-tipe weddenskappe] totalisatorweddenskappe nie, te plaas en aan te gaan[aanvaar].”.

 25

Wysiging van artikel 55A van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 16 van Wet 4 van 1999

27. Artikel 55A van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (3) te skrap.

Wysiging van artikel 58 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 2 van Wet 5 van 1999 30

28. Artikel 58 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“58.(1) Enige persoon, uitgesonderd 'n institusionele belegger, 'n openbaar verhandelde belegger, 'n bewaringsinstelling of 'n sentrale effektebewaarplek, wat regstreeks of onregstreeks 'n geldelike belang van vyf persent of meer verkry in die dobbelarybesigheid waarop 'n lisensie betrekking het, moet binne die tydperk en op die wyse deur die Raad voorgeskryf of bepaal, by die Raad aansoek doen om goedkeuring om dié belang te hou.

 35

(2) Enige openbaar verhandelde belegger, uitgesonderd 'n institusionele belegger wat regstreeks of onregstreeks 'n geldelike belang van tien persent of meer verkry in die dobbelarybesigheid waarop 'n lisensie betrekking het, moet binne die tydperk en op 'n wyse deur die Raad voorgeskryf of bepaal, by die Raad aansoek doen om goedkeuring om dié belang te hou.

 40 45

(3) Enige institusionele belegger wat regstreeks of onregstreeks 'n geldelike belang van vyftien persent of meer verkry in die dobbelarybesigheid waarop 'n lisensie betrekking het, moet binne die tydperk en op 'n wyse deur die Raad voorgeskryf of bepaal, by die Raad aansoek doen om dié belang te hou.

 50

(4) Die bepalinge van artikels 28, 30 en 32 is met die nodige veranderings toepaslik ten opsigte van enige toepassing beoog in subartikels (1), (2) en (3).

(5) Die Raad staan nie goedkeuring kragtens subartikels (1), (2) of (3) toe nie waar die persoon of openbaar verhandelde belegger of 55

institusionele belegger wat aansoek doen, gediskwalifiseer is om 'n lisensie ingevolge hierdie Wet te hou.

(6) Waar goedkeuring nie ingevolge hierdie artikel toegestaan word nie, moet die persoon, openbaar verhandelde belegger of institusionele belegger binne die voorgeskrewe tydperk en op die wyse deur die Raad voorgeskryf, die betrokke belang van die hand sit. 5

(7) Geen persoon, openbaar verhandelde belegger of institusionele belegger mag as benoemde of agent of andersins namens enige prinsipaal of bevoordeelde 'n belang beoog in subartikel (1), (2) of (3), verkry nie indien dié persoon nie die houer van die betrokke lisensie en die Raad skriftelik ingelig het omtrent die identiteit van daardie prinsipaal of bevoordeelde nie. 10

(8) Die bepalings van hierdie artikel—

(a) is nie op 'n bewaringsinstelling of sentrale effektebewaarpark van toepassing nie vir sover dit 'n geldelike belang betref wat die instelling of bewaarpark namens persone, uitgesonderd homself, hou in effekte genoteer op 'n effektebeurs in Suid-Afrika wat as sodanig ingevolge die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985) geregistreer is, maar 15

(b) is van toepassing op die bevoordeelde houers van die effekte beoog in paragraaf (a). 20

(9) Enige persoon wat subartikels (1), (2), (3), (6) of (7) oortree is skuldig aan 'n misdryf.''. 25

Wysiging van artikel 66 van Wet 4 van 1996

29. Artikel 66 van die Hoofwet word gewysig— 25

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Geen persoon mag—

(a) 'n wedrenbyeenkoms hou, organiseer, reël of bywoon of op enige wyse daaraan deelneem of daarmee behulpsaam wees nie, of

(b) 'n wedrenkaart ten opsigte van 'n wedrenbyeenkoms druk, publiseer, besit, verkoop of te koop aanbied of op enige wyse 'n wedrenkaart in omloop bring of versprei nie, 30

tensy die betrokke wedrenooreenkoms [by 'n gelisensieerde renbaan] op 'n perseel ingevolge hierdie Wet gelisensieer plaasvind.'';

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 35

“(2) Enige persoon wat subartikel (1) [of enige van die voorwaardes van 'n renbaanlisensie] oortree is skuldig aan 'n misdryf.'', en

(c) deur subartikel (3) te skrap.

Wysiging van artikel 67 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 56 van Wet 4 van 1997, artikel 14 van Wet 10 van 1997, artikel 20 van Wet 4 van 1999 en artikel 10 van Wet 11 van 2000 40

30. Artikel 67 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) [die speel van] enige [dobbelspel] doppelaktiwiteit beoefen of toelaat [of enige dobbelry beoefen of toelaat] in of op enige perseel onder sy of haar beheer of in sy of haar sorg nie[,]; of” 45

Wysiging van artikel 72 van Wet 4 van 1996

31. Artikel 72 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“[Verbod op aktiwiteite] Aanspreeklikheid met betrekking tot [dobbelspelle en weddery] doppelaktiwiteite 50

72. Geen persoon is onthef van aanspreeklikheid kragtens enige bepaling van hierdie Wet ten opsigte van enige handeling of ding in verband met enige [dobbelspel of weddery] doppelaktiwiteit in die Provinsie deur hom of haar verrig of gedoen of deur hom of haar gemagtig of toegelaat om verrig of gedoen te word nie bloot omrede enige aspek van die bestuur of 55

beoefening daarvan geheel en al of gedeeltelik op 'n plek buite die Provinsie uitgevoer word.”.

Wysiging van artikel 74 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 60 van Wet 4 van 1997

32. Artikel 74 van die Hoofwet word gewysig— 5

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) [**Behalwe soos voorgeskryf, mag geen persoon**] Geen houer van 'n lisensie ingevolge hierdie Wet uitgereik mag enige advertensie [met betrekking tot dobbelary vertoon] ten opsigte van enige dobbelaktiwiteit laat publiseer of toelaat dat dit gedoen word op 'n ander wyse as ingevolge hierdie Wet en die Nasionale Wet voorgeskryf nie.”, en 10

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

“(1A) Geen persoon mag enige advertensie ten opsigte van enige dobbelaktiwiteit in hiedie Provinsie laat adverteer of toelaat dat dit gedoen word nie, tensy 'n lisensie ten opsigte van dié aktiwiteit uitgereik is— 15

(a) ingevolge hierdie Wet;

(b) ingevolge die wet van 'n ander provinsie van die Republiek, of 20

(c) ingevolge die wet van 'n jurisdiksie buite die Republiek; met dien verstande dat—

(i) die advertensie buite die Republiek gepubliseer of van buite die Republiek versend word en persone wat in die Republiek woon, nie die enigste of belangrikste teiken is waarop die advertensie gerig is nie, of 25

(ii) die advertensie voldoen aan alle vereistes ingevolge hierdie Wet of die Nasionale Wet voorgeskryf en persone wat op die advertensie reageer, buite die Provinsie sal moet reis om deel te neem aan die dobbelary in die advertensie geadverteer.”.

Wysiging van artikel 75 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 61 van Wet 4 van 1997, artikel 15 van Wet 11 van 1997, artikel 2 van Wet 10 van 2000 en artikel 6 van Wet 1 van 2003

33. Artikel 75 van die Hoofwet word gewysig deur die volgende paragrawe na paragraaf (c) van subartikel (1) in te voeg:

“(cA) 'n rekenaar, uitgesonderd in ooreenstemming met hierdie Wet, gebruik of toelaat dat dit gebruik word— 35

(i) om deelname aan 'n dobbelaktiwiteit moontlik te maak, of

(ii) deur die rekenaar, hetsy in sy geheel of gedeeltelik, aan enige lid van die publiek beskikbaar te stel vir die doel om aan enige dobbelaktiwiteit deel te neem, ongeag of die dobbelaktiwiteit plaasvind op die perseel waar dit aangebied word of by wyse van die internet of 'n ander elektroniese versending; 40

(cB) in die Provinsie rekenaarsagteware versprei of beskikbaar stel wat bedoel is, of waarvan die hoof funksie is, om persone in die Provinsie in staat te stel om te skakel met dobbelarybesighede buite die Provinsie wat dobbelaktiwiteite deur middel van die internet aanbied;”.

Wysiging van artikel 75A van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 7 van Wet 1 van 2003

34. Artikel 75A van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 50

“(1) Indien die Raad, volgens oorwig van waarskynlikheid op grond van bewyse wat aangevoer is by [**'n**] enige ondersoekverhoor ingevolge hierdie Wet uitgevoer, of aan die lig gebring is as deur [**'n**] enige ondersoek of navraag [**uitgevoer**] ingevolge [**artikel 23(1)(a)(iii)**] hierdie Wet uitgevoer, tevrede is dat 'n bepaling van hierdie Wet oortree is of nie nagekom is nie, deur— 55

(a) die houer van 'n operateurlisensie;

(b) die houer van 'n lisensie beoog in artikel 27(f) of (g);

- (c) die houer van 'n lisensie beoog in artikel 27(l) of (m), of
 (d) enige persoon wat optree of voorgee dat hy of sy optree in die loop en bestek van sy of haar diens by die houer van 'n operateurlisensie of 'n lisensie beoog in artikel 27(f) of (g),
 kan die Raad [een van of albei] enige van of al daardie lisensiehouers aanspreeklik hou vir daardie oortreding, na gelang van die geval, en 'n straf in subartikel (2) beoog opleë.”.

Skraping van artikel 84 van Wet 4 van 1996

35. Artikel 84 van die Hoofwet word geskrap.

Skraping van artikel 84A van Wet 4 van 1996 10

36. Artikel 84A van die Hoofwet word geskrap.

Skraping van artikel 84B van Wet 4 van 1996

37. Artikel 84B van die Hoofwet word geskrap.

Skraping van artikel 84C van Wet 4 van 1996

38. Artikel 84C van die Hoofwet word geskrap. 15

Invoeging van artikel 84D in Wet 4 van 1996

39. Die volgende artikel word in die Hoofwet na artikel 83 ingevoeg:

“Verbod op sekere dobbelaktiwiteite

- 84D.** (1) Behoudens subartikel (3), mag niemand wat fisiek teenwoordig is in die Provinsie deelneem aan 'n dobbelaktiwiteit by wyse van telefoon, telefaks, interaktiewe televisie, elektroniese pos, internetuitsending of enige verwante kommunikasiemedium nie, uitgesonderd soos voorsiening daarvoor gemaak word deur die Nasionale Wet.”; 20
- (2) Behoudens subartikel (3) mag geen persoon 'n ander persoon— 25
- (a) wat na die wete van eersgenoemde persoon fisiek teenwoordig is in die Provinsie, of
- (b) van wie eersgenoemde persoon redelikerwys behoort te vermoed dat hy of sy fisiek teenwoordig is in die Provinsie, 30
- nooi, help of toelaat om deel te neem aan 'n dobbelaktiwiteit wat in die geheel of gedeeltelik by wyse van telefoon, telefaks, interaktiewe televisie, elektroniese pos, internetuitsending of enige verwante kommunikasiemedium uitgevoer word nie, uitgesonderd soos voorsiening daarvoor gemaak word deur die Nasionale Wet.
- (3) Die bepalinge van hierdie artikel is nie van toepassing nie— 35
- (a) op 'n weddenskap wat aanvaar word deur of by 'n boekmaker of totalisator in enige provinsie in die Republiek gelisensieer, wat gemagtig word deur daardie lisensie om dié weddenskap te aanvaar, of
- (b) waar 'n speler deelneem aan 'n dobbelaktiwiteit in hierdie artikel beoog op die gelisensieerde perseel van 'n persoon gelisensieer ingevolge hierdie Wet om dié dobbelaktiwiteit aan te bied. 40
- (4) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree is skuldig aan 'n misdryf.”.

Invoeging van artikel 84E van Wet 4 van 1996

40. Die volgende artikel word na artikel 84D in die Hoofwet ingevoeg:

“Oorgangsbepalinge 45

- 84E.** (1) Enige geldige lisensiesertifikaat wat die Raad vóór die datum van inwerkingtreding van die Wes-Kaapse Vyftiende Wysigingswet op

Dobbelary en Wedrenne, 2005 (in hierdie artikel “die Wysigingswet” genoem) ingevolge artikel 46 van die Wet uitgereik het, word, ondanks die bewoording daarvan en tot die datum waarop dit verstryk, geag ’n roete-operateurlisensie te wees.

(2) Enige geldige lisensiesertifikaat wat die Raad vóór die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet ingevolge artikel 47 van die Wet uitgereik het, word, ondanks die bewoording daarvan en tot die datum waarop dit verstryk, geag ’n terreinlisensie te wees. 5

(3) Enige persoon wat ten tyde van die inwerkingtreding van die Wysigingswet ’n lisensie, ’n geldelike belang in ’n lisensie of ’n geskikheidsertifikaat ingevolge die Wet uitgereik, hou, wat as gevolg van die bepalings van die Wysigingswet of die Nasionale Wet nie meer kwalifiseer om daardie lisensie, geldelike belang of geskikheidsertifikaat te hou nie, moet binne 30 dae vanaf die inwerkingtreding van die Wysigingswet daardie feit aanmeld— 10 15

(a) by sy of haar werkgewer, as daardie persoon die houer van ’n werknemerlisensie is en in die diens van die houer van ’n operateurlisensie is;

(b) by die lisensiehouer waarin hy of sy ’n geldelike belang hou, of

(c) by die lisensiehouer ten opsigte waarvan ’n geskikheidsertifikaat aan daardie persoon uitgereik is, waarna daardie werkgewer of lisensiehouer die Raad binne 30 dae van aanmelding van die diskwalifikasie in kennis moet stel. 20

(4) Die bepalings van artikel 31 van die Wet is nie van toepassing op enigeen wat ingevolge die Wet vóór die inwerkingtreding van die Wysigingswet gediskwalifiseer is vir lisensiëring, en wat na die inwerkingtreding van die Wysigingswet nie aldus gediskwalifiseer is nie.” 25

Kort titel

41. Hierdie Wet word die Wes-Kaapse Vyftiende Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2005 genoem. 30

WES-KAAPSE VYFTIENDE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DOBBELARY EN WEDRENNE, 2005

VERKLARENDE MEMORANDUM OOR DIE VOORGESTELDE WYSIGINGS IN DIE WES-KAAPSE WET OP DOBBELARY EN WEDRENNE, 1996 (WET 4 VAN 1996), SOOS GEWYSIG (“DIE WET”)

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

1.1 Die Nasionale Dobbelwet, 2004 (Wet 7 van 2004) (“die Nasionale Wet”) het by proklamasie in die *Staatskoerant* op 1 November 2004 in werking getree. Hierdie Wet herroep die Nasionale Dobbelwet, 1996 (Wet 33 van 1996), ingevolge waarvan die Nasionale Dobbelraad oorspronklik ingestel is.

1.2 Die belangrikste rede vir die indiening van ’n omvattende nuwe Nasionale Wet om die dobbelbedryf te reël was die bevinding dat sekere prosesse en benaderings van die verskillende provinsiale lisensiëringsowerhede by die uitvoering van hul regulerende funksie verskil, sodat lisensiehouers wat in meer as een provinsie bedrywig was, aan verskillende maatstawwe vir wesenlik dieselfde tipes lisensies moes voldoen. Waar lisensiehouers dobbelarybesighede in meer as een provinsie wou bedryf, moes hulle ook die onkreukbaarheidstoetse van die verskillende provinsies ondergaan, wat ’n duplisering van werksaamhede (deur die verskillende dobbelrade) en uitgawe (van die kant van die lisensiehouers) beteken het.

1.3 Daar was dus ’n behoefte aan groter eenvormigheid tussen provinsies en wetsmeganismes om daardie eenvormigheid te bewerkstellig. Ten einde met bogenoemde probleme te handel en die gewenste eenvormigheid te bereik, moes ’n meganisme ook in die lewe geroep word om die proses op nasionale vlak aan te dryf en te beheer. Gevolglik is dit ook noodsaaklik geag om die verhouding tussen die Nasionale Dobbelraad en die provinsiale lisensiëringsowerhede in groter besonderhede uit te spel, veral ten opsigte van lisensiëringsproesse, ondersoeke, die deel van inligting en regulerende praktyke.

1.4 Soos hierbo aangedui, is die doel van die Nasionale Wet om die uitvoering van die gelyklopende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid ten opsigte van casino’s, dobbelary, wedrenne en weddenskappe (soos Bylae 4 van die Grondwet voorsiening daarvoor maak) tussen die Nasionale Parlement van Suid-Afrika aan die een kant en die verskillende provinsiale wetgewers aan die ander kant, te koördineer. Met die oog hierop trag die Nasionale Wet om duidelike norme en standarde wat van toepassing is op die regulering en lisensiering van dobbelaktiwiteit (soos op alle vorms van dobbelary, met uitsondering van die Nasionale Lotery), te stel.

1.5 Teen hierdie grondwetlike agtergrond en met inagneming van die noodsaaklikheid om teen botsings tussen nasionale en provinsiale wetgewing betreffende dieselfde onderwerp te waak, moet ’n aantal wysigings aan die Wet aangebring word om dit te laat ooreenstem met die bepalinge van die Nasionale Wet. Tensy hierin aangedui, is al die wysigings waarvoor die Wetsontwerp voorsiening maak, geformuleer by wyse van konsensus wat deur ’n raadplegende proses tussen die Nasionale Dobbelraad en al die provinsiale Dobbelrade bereik is. Dit verseker dat die bevordering van eenvormigheid wat die Nasionale Wet ten doel het, van meet af aan bereik word.

2. Voorgestelde vervanging in die Engelse teks van die woord “Law” deur die woord “Act”

Die woord “Law” wat in die tussentydse Grondwet gebruik is om na wetgewing te verwys, is vervolgens in die finale Grondwet deur die woord “Act” vervang. Die doel van die wysiging is dus om die terminologie wat vir wetgewing gebruik word, met die terminologie van die finale Grondwet te laat ooreenstem.

3. Voorgestelde wysiging van Rangskikking van Artikels

3.1 Die wysigings in Klousule 1 van die Wetsontwerp beoog, is formeel van aard en bestaan uit voorgestelde skrappings uit en invoegings in die Wet van artikelopskrifte, asook sekere wysigings daarin

4. Voorgestelde wysiging van artikel 1 van Wet 4 van 1996

4.1 Die voorgestelde wysigings in hierdie artikel vervat, gaan hoofsaaklik oor wysigings van die omskrywings wat noodsaak word met die oog op eenvormigheid tussen die Nasionale Wet en die Wet.

4.2 Daar word ook voorgestel dat die paragraafnummers wat tans aan die omskrywings van die verskillende begrippe toegewys is, geskrap word, aangesien hulle nie 'n betekenisvolle doel dien nie en voorgestelde skrappings of invoegings in latere wysigings kompliseer. Volgens die skema wat nou voorgestel word, sal die begrippe in alfabetiese orde in die voorgestelde subartikel (1) gelys word. Die invoeging van die voorgestelde subartikel (1) maak voorsiening vir verdere subartikels waarin verskillende begrippe in meer besonderhede en met 'n groter mate van presisie ná die lys van begrippe vir invoeging voorgestel word. Dit stem ooreen met die formaat van die Nasionale Wet.

4.3 Tensy anders aangedui, is die verskillende omskrywings wat ingevoeg, gewysig of geskrap word, voorgestelde wysigings wat bedoel is om die bepalings van die Wet te laat ooreenstem met dié van die Nasionale Wet.

4.4 Wat die voorgestelde wysiging in die omskrywing van die begrip “dobboltoestel” betref, waar die formaat van die eerste komponent van die omskrywing die formaat van dié in die Nasionale Wet volg, is bykomende kwalifikasies by wyse van paragrawe (a) en (b) daaraan toegevoeg. Daardeur word dit duidelik gestel dat nie net muntoutomate nie (soos tans omskryf) maar ook die gerekenariseerde of dergelike sagteware wat 'n lisensiehouer vir die uitvoering van 'n dobbelaktiwiteit gebruik, by die begrip, soos omskryf, ingesluit sal word. Die rede hiervoor is dat die omskrywing van “dobboltoestel” tans beperk is tot toerusting of 'n ding wat regstreeks in 'n dobbelaktiwiteit gebruik word of wat ontwerp is of gebruik word “om die uitslag van 'n dobbelaktiwiteit te bepaal”.

Dié omskrywing is onvoldoende omdat sekere soorte sagteware wat in die casino, in beperkte uitbetaalmasjiene (“BUM”) en in die boekmaker- en totalisatorbedrywe gebruik word, weliswaar nie die uitslag van 'n dobbelaktiwiteit bepaal nie, maar van die uiterste belang is omdat dit aan bepaalde standaarde moet voldoen en die deurlopende integriteit en onderhoud daarvan noodsaaklik is om te verseker dat die betrokke dobbelaktiwiteit billik uitgevoer word. Om hierdie rede is dit wenslik dat diegene wat sulke sagteware verskaf en/of onderhou gelisensieer moet wees. Die betrokke sagteware moet eweneens onderworpe wees aan die registrasieprosesse wat in die Nasionale Wet beoog word. Ten einde dit te bewerkstellig, moet hierdie toerusting by die omskrywing van “dobboltoestel” ingesluit word.

Die omskrywing maak ook voorsiening vir die insluiting van muntoutomate in die begrip “dobboltoestel” om te verseker dat dié masjiene waarvan die vervaardigers nie in die land verteenwoordig word nie (met die doel om te bewys dat sulke masjiene “ontwerp is om gebruik te word om die uitslag van 'n dobbelaktiwiteit te bepaal”) en wat andersins ooreenstem met die bestaande omskrywing van “muntoutomate”, geag word dobboltoestelle te wees wat dus nie in 'n persoon se besit mag wees sonder magtiging van 'n lisensie nie. Die insluiting van hierdie voorgestelde bykomende komponent by die omskrywing sal die effektiewe verrigting van die Raad se wetstoepassingsfunksie aansienlik verbeter.

4.5 Die invoeging van die voorgestelde omskrywing van “Internet” is bedoel om die Wet met die Nasionale Wet te laat ooreenstem. Daar sal egter ook opgelet word dat die insluiting van hierdie omskrywing van nut is by die formulering van bykomende maatreëls, vir opname in die Wet voorgestel, waardeur kriminele aanspreeklikheid vir deelname in hierdie Provinsie aan dobbelaktiwiteite wat by wyse van elektroniese of verwante middele uitgevoer of beskikbaar gestel word, vasgestel word.

4.6 Die invoeging van die voorgestelde subartikels (2), (3), (4), (5), (6) en (7) in artikel 1 van die Wet volg die formaat van die Nasionale Wet, wat op baie gedetailleerde wyse ingaan op die begrippe “dobbelaktiwiteit”, “weddenskap”, “totalisatorweddenskap”, “dobbelspel”, “uitbetaling” en “geleentheid om 'n verdere spel te speel”.

5. Voorgestelde wysiging van artikel 3 van Wet 4 van 1996

5.1 Die voorgestelde wysiging in subartikel (1) van artikel 3 en die skrapping van subartikel (2A) is bedoel om die voorsiening wat voorheen vir die voltydse aanstelling van sekere lede van die Raad gemaak is, weg te doen.

6. Voorgestelde wysiging van artikel 5 van Wet 4 van 1996

6.1 Die voorgestelde wysiging in die bestaande artikel 5(f) (wat nou artikel 5(1)(f) gaan word om die invoeging van subartikel (1) te akkommodeer) is bedoel om die bestaande bepaling te laat ooreenstem met die gewysigde omskrywings wat voorgestel word met die oog op eenvormigheid tussen die Nasionale Wet en die Wet.

6.2 Die voorgestelde invoeging van subartikel (2) skakel die onwerkbare diskwalifikasie uit waarvolgens persone wat 'n nominale belang in 'n lisensiehouer hou bloot op grond van beleggings in ander institusionele beleggingsinstellings (waaroor so 'n persoon nie beheer sou kon uitoefen nie) nie herkiesbaar is vir aanstelling as 'n lid of werknemer van die Raad nie.

7. Voorgestelde wysiging van artikel 12 van Wet 4 van 1996

7.1 Die voorgestelde invoeging van die woorde “oor te dra” in artikel 12(3) is nodig met die oog daarop dat, aangesien dit volgens die Nasionale Wet 'n vereiste is dat die houer van 'n totalisator-operateurlisensie 'n regspersoon moet wees (en ook voorsiening maak vir die oordrag van lisensies indien by provinsiale wet gemagtig), die bestaande lisensie wat ten opsigte van die totalisator uitgereik is, oorgedra sal moet word van die huidige houer (wat nie 'n regspersoon is nie) na die maatskappy wat tans die totalisator namens die lisensiehouer bestuur.

7.2 Die invoeging van die voorgestelde subartikel (4A) is nodig om die Raad in die algemeen te magtig om nasionale lisensies uit te reik, te hernu, te weier, op te skort of in te trek, soos deur die Nasionale Wet daarvoor voorsiening gemaak word.

7.3 Daar word voorgestel dat die bestaande subartikel (5) geskrap moet word, aangesien dit gaan oor 'n saak waarvoor (*histories*) nie meer voorsiening gemaak hoef te word nie.

7.4 Die voorgestelde wysiging in subartikel (14) laat die bewoording wat daarin gebruik word, ooreenstem met die omskrewe begrippe wat gewysig word.

8. Voorgestelde wysiging van artikel 15 van Wet 4 van 1996

8.1 Die voorgestelde wysiging in subartikel (1) laat die bewoording van die betrokke bepaling ooreenstem met die vereistes van die Nasionale Wet.

8.2 Die voorgestelde wysigings in subartikel (2) wat gaan oor werkdiskwalifikasies wat op Raadslede, lede van die Uitvoerende Raad of lede van die Staande Komitee betrekking het—

8.2.1 verfyn die bewoording wat in paragraaf (a) gebruik word, en

8.2.2 verbied, deur die invoeging van die voorgestelde paragraaf (b), so 'n persoon om werk te bekom of te aanvaar van 'n persoon wat aansoek om 'n lisensie gedoen het of aan wie die Raad 'n lisensie uitgereik het in omstandighede waar die persepsie van 'n belangebotsing as gevolg van dié werk moontlik kan ontstaan, te wete waar enige deel van die vergoeding wat ten opsigte van die werk betaal moet word, deur daardie Aansoeker of lisensiehouer gefinansier of gesubsidieer word of van daardie Aansoeker of lisensiehouer afkomstig is.

9. Voorgestelde wysiging van artikel 15A van Wet 4 van 1996

9.1 Die voorgestelde wysigings in subartikel (1) is bedoel om die bewoording te laat ooreenstem met dié van die voorgestelde gewysigde omskrywings wat daarop gemik is om die Wet in ooreenstemming met die Nasionale Wet te bring.

9.2 Die voorgestelde invoeging van die nuwe subartikel (3) skakel weereens die onwerkbare vereiste uit dat gevalle van 'n belangebotsing aan die Raad openbaar gemaak moet word waar die persone wat geraak word, 'n nominale belang in 'n lisensiehouer hou bloot op grond van beleggings in ander institusionele beleggingsinstellings (waaroor so 'n persoon geen beheer het nie en waarvan hy of sy moontlik nie eens bewus is nie)

10. Voorgestelde wysiging van artikel 20 van Wet 4 van 1996

10.1 Die voorgestelde wysiging in subartikel (3) is nodig omdat die herroeping van die Wes-Kaapse Skatkiswet, 1994, nou aan die gang is.

11. Voorgestelde wysiging van artikel 23 van Wet 4 van 1996

11.1 Die voorgestelde wysiging in artikel 23(1)(a)(iii) is bedoel om dit duidelik te stel dat die Raad ondersoekverhore kan hou wanneer oortredings van die Provinsiale Wet op 'n gelisensieerde *perseel* begaan word, ook al word die oortredings nie noodwendig deur 'n lisensiehouer begaan nie (soos tans in die wetgewing bepaal word), sodat die lisensiehouer nietemin verantwoordbaar moet wees wanneer oortredings plaasvind op gelisensieerde persele waarvoor lisensiehouers beheer uitoefen.

12. Voorgestelde wysiging van artikel 27 van Wet 4 van 1996

12.1 Die invoeging van die nuwe paragraaf ((hB) is bedoel om, soos in die Nasionale Wet, ook in die Wet voorsiening te maak vir die insluiting van nasionale lisensies in die lys van lisensies wat deur die Raad uitgereik kan word.

13. Voorgestelde invoeging van artikel 27A in Wet 3 van 1996

13.1 Die voorgestelde nuwe artikel 27A gaan oor nasionale lisensies wat ingevolge die Nasionale Wet deur enige provinsiale raad uitgereik kan word, maar wat die houer daarvan toelaat om die aktiwiteit daardeur gemagtig ook in enige ander provinsie uit te voer. Die doel van die voorgestelde artikel is om die bepalings van die Provinsiale Wet toepaslik te maak op nasionale lisensies wat deur die Raad uitgereik word en aldus 'n lisensie te ag ingevolge die Wet uitgereik te gewees het. Dit sal die uitvoering van die aktiwiteit deur die lisensie gemagtig, in die Provinsie wettig, asook die betrokke lisensie onderwerp aan alle prosedure- en verwante vereistes waaraan lisensies ingevolge die Wet uitgereik (in teenstelling met die Nasionale Wet) andersins onderworpe sou wees.

14. Voorgestelde wysiging van artikel 28 van Wet 4 van 1996

14.1 Die voorgestelde wysigings in artikel 28 laat die algemene kwalifikasiemaatstawwe ooreenstem met dié van die Nasionale Wet.

15. Voorgestelde wysiging van artikel 29 van Wet 4 van 1996

15.1 Die voorgestelde wysigings in die opskrif en inhoud van artikel 29 maak voorsiening voorsiening daarvoor dat die skema wat deur die Nasionale Wet gevolg word vir sover dit tussen die vereiste kwalifikasiemaatstawwe vir werknemerlisensies en dié van toepassing op ander lisensies (soos in die voorgestelde wysigings in artikel 30 behandel) onderskei, deur die Provinsie vir eie gebruik aangeneem word. As sodanig, weerspieël al die voorgestelde wysigings, of is hulle bestaanbaar met, dié in die Nasionale Wet, uitgesonderd die voorgestelde voorbehoudsbepaling by paragraaf (d), wat 'n uitsondering op die algemene reël skep, te wete dat 'n persoon nie 'n werknemerlisensie mag hou indien hy of sy 'n familielid van 'n werknemer van die Raad is nie. Die voorgestelde uitsondering is bedoel om billikheid by die toepassing van hierdie voorbehoudsbepaling te verseker, sodat familieledede van persone wat by die Raad in diens is in posisies waarvan daar nie redelikerwys gesê kan word dat die verwantskap tot 'n belangebotsing aanleiding sal gee nie, toegelaat sal word om so 'n lisensie te bekom.

15.2 Daar moet op gelet word dat die bepalings van die Nasionale Wet die Raad belet om sekere diskwalifikasies te kondoneer, soos vroeër die geval was.

16 Voorgestelde wysiging van artikel 30 van Wet 4 van 1996

16.1 Die voorgestelde gewysigde artikel 30 gaan oor kwalifikasiemaatstawwe vir alle lisensies, uitgesonderd werklisensies, ooreenkomstig die skema in die Nasionale Wet gevolg, en die bepaalde kwalifikasiekriteria daarin uiteengesit. Ooreenkomstig die bepalings van die Nasionale Wet handel die voorgestelde artikel ook oor die kwalifikasiemaatstawwe vir persone wat enige geldelike belang in 'n lisensiehouer hou, waarmee die betrokke artikel vroeër eksklusief gehandel het.

16.2 Die voorgestelde voorbehoudsbepaling by subartikel (2) stel dit egter duidelik dat die Raad, hoewel bevoeg om enige houer van 'n geldelike belang in 'n Aansoeker of lisensiehouer tydens onkreukbaarheidsondersoeke te ondersoek, nie verplig is om dit te doen in die geval van persone wat minder as vyf persent van die totale geldelike belang

in die betrokke Aansoeker of lisensiehouer hou nie. Die voorbehoudsbepaling is gegrond op die onuitvoerbaarheid van ondersoek in sulke gevalle, asook die feit dat daar nie redelikerwys verwag sou kon word dat enige houër van so 'n nominale belang in 'n lisensiehouer enige invloed op die gedrag of bestuur van die betrokke gelisensieerde aktiwiteit sal kan uitoefen nie.

16.3 Daar sal weereens opgelet word dat dit die Raad ingevolge die gewysigde artikel nie meer sal vrystaan om sekere kategorieë van diskwalifikasies te kondoneer nie.

16.4 Die voorgestelde subartikel (4) is bedoel om dit duidelik te stel dat 'n persoon wat 'n onregstreekse geldelike belang in 'n lisensiehouer hou bloot op grond van 'n belegging in 'n fonds (ten opsigte waarvan daardie persoon geen beheer oor die beleggingsbesluite het nie) vir die toepassing van die artikel nie geag sal word 'n houër van 'n geldelike belang te wees nie en gevolglik nie hoef te voldoen aan die kwalifikasiemaatstawwe wat daarin uiteengesit word nie.

17 Voorgestelde wysiging van artikel 35 van Wet 4 van 1996

17.1 Die voorgestelde wysigings in artikel 35(3)(vi) is nodig om die bepalings van die betrokke paragraaf te laat ooreenstem met die toepaslike artikelnummers.

18. Voorgestelde wysiging van artikel 37 van Wet 4 van 1996

18.1 Al die voorgestelde wysigings in hierdie artikel is nodig om die bepalings van die Wet te laat ooreenstem met die voorgestelde wysigings in die omskrywings, wat op hul beurt in ooreenstemming met die Nasionale Wet gewysig is.

19. Voorgestelde wysiging van artikel 39 van Wet 4 van 1996

19.1 Die doel van die voorgestelde wysiging in subartikels (2) en (3) is om die bepalings van subartikel (3) deur die bepalings van subartikel (2) te vervang ten einde die verskillende stappe van die prosedure wat die Raad gemagtig het om in verband met sekuriteite deur lisensiehouers verskaf, te doen, chronologies beter weer te gee.

19.2 Die wyse waarop die wetgewing tans bewoord is, het aanleiding gegee tot verskillende interpretasies van wat die verhouding is tussen die stappe beoog in subartikel (2) en dié waarvoor in subartikel (3) voorsiening gemaak word. Onsekerheid het ontstaan of die maatreëls in hierdie subartikel beoog, mekaar wedersyds uitsluit, veral omrede van die verskillende tydperke in elkeen gestipuleer ten opsigte van die verpligtinge wat op lisensiehouers geplaas word om sekuriteite aan te vul of te vermeerder en die gevolge van enige versuim om die verskillende stappe daarin gestipuleer, te doen. Verder stel die artikel in sy huidige vorm dit nie duidelik of die bepalings van subartikels (2) of (3), of albei, van toepassing is wanneer 'n sekuriteit of 'n deel daarvan ingevolge subartikel (5) deur die Hoof Uitvoerende Beampte gerealiseer word nie. Ten einde hierdie probleme uit die weg te ruim en voorsiening te maak vir 'n administratief logiese benadering word derhalwe voorgestel om—

- 19.2.1 by wyse van subartikel (2), te bepaal dat die Raad in die eerste instansie bevoeg is om te gelas dat die bedrag of waarde van 'n sekuriteit binne 'n sekere tydperk vermeerder moet word;
- 19.2.2 by wyse van subartikel (3), te bepaal dat, indien sekuriteite wat gegee is, verstryk, ongeldig word, of nie vermeerder word soos in subartikel (2) beoog nie, die betrokke lisensie geag word opgeskort te gewees het, en
- 19.2.3 by wyse van die voorgestelde paragrafe (a) en (b) van subartikel (5), te bepaal dat, waar die Hoof Uitvoerende Beampte die sekuriteit realiseer—
 - (a) die lisensiehouer gelas sal word om die sekuriteit aan te vul, soos in subartikel (2) beoog, indien die bedrag wat gerealiseer is minder is as die helfte van die sekuriteit wat oorspronklik verskaf is, of
 - (b) die lisensie geag sal word opgeskort te gewees het, soos in subartikel (3) beoog, indien die bedrag van die sekuriteit gerealiseer, die helfte of meer is as die helfte van die sekuriteit wat oorspronklik verskaf is.

Die rede waarom tussen bogenoemde onderskei word, is dat die Raad en die provinsiale fiskus, uit die oogpunt van risiko vir die publiek, die risiko's inherent daaraan verbonde om die lisensiehouer toe te laat om sy bedrywighede voort te sit voordat die sekuriteit ten volle aangevul of herstel is, te groot is waar die bedrag aan sekuriteit deur die Hoof Uitvoerende Beampte gerealiseer vyftig persent of meer is as die bedrag oorspronklik

verskaf. Waar die bedrag gerealiseer egter minder is as vyftig persent van die bedrag wat oorspronklik verskaf is, is die risiko's inherent daaraan verbonde om die betrokke lisensiehouer toe te laat om bedrywighede voort te vir 'n tydperk van een week (waarbinne die sekuriteit aangevul moet word) te onbeduidend is om die opskorting van die betrokke lisensie te regverdig.

19.3 Die voorgestelde wysiging in subartikel (6) verwyder die vereiste dat die Hoof Uitvoerende Beampte, by intrekking of opskorting van 'n lisensie, die sekuriteit of saldo daarvan na negentig dae moet vrystel, en vervang dit deur 'n bepaling ten effekte dat die Hoof Uitvoerende Beampte hierdie funksie na 'n tydperk van "nie minder nie" as negentig dae na die datum van intrekking of opskorting moet verrig. Die rede vir die wysiging is dat komplekse afsluitingsoudits in sekere gevalle uitgevoer moet word. Dit is dalk nie moontlik om binne die tydperk van negentig dae vas te stel presies watter bedrag aan sekuriteit deur die Hoof Uitvoerende Beampte gerealiseer moet word nie, wat formele nakoming van hierdie subartikel problematies maak.

20. Voorgestelde wysiging van artikel 41 van Wet 4 van 1996

20.1 Die voorgestelde wysigings in artikel 41 van die Wet berus op die feit dat die houër van 'n totalisatorlisensie, vanweë die vereiste in die Nasionale Wet dat die houër van 'n totalisator-operateurlisensie 'n regs persoon moet wees (en ook voorsiening maak vir die oordrag van lisensies indien by provinsiale wet gemagtig), die bestaande lisensie ten opsigte van die totalisator van die huidige houër (wat nie 'n regs persoon is nie) oorgedra sal moet word na die maatskappy wat tans die totalisator namens die lisensiehouer bestuur. Die nodige wysigings word voorgestel—

20.1.1 deur die nuwe subartikel (1A) in te voeg, en

20.1.2 deur in subartikel (1) te stipuleer dat daardie subartikel onderworpe is aan die bepalings van subartikel (1A).

20.2 Daar sal gemerk word dat die totalisator-operateurlisensie die enigste lisensie is wat deur bogenoemde vereistes van die Nasionale Wet geraak word.

21. Voorgestelde wysiging van artikel 41A van Wet 4 van 1996

21.1 Die voorgestelde wysigings in artikel 41A het ontstaan omrede hierdie artikel, ten spyte daarvan dat dit oënskynlik gaan oor ander lisensiehouers as die houers van sleutel- of dobbelarywerknemerlisensie, in werklikheid verwys na die prosedures wat gevolg moet word wanneer natuurlike persone wat die houers van lisensies is, sterf of ongeskik raak. Aangesien die enigste kategorieë van lisensies wat ingevolge die Wet aan natuurlike persone uitgereik mag word, sleutel- of dobbelarywerknemerlisensies is, het die artikel nie sin nie.

21.2 Die doel van die wysigings is om die artikel toepaslik te maak waar natuurlike persone wat 'n geldelike belang in 'n lisensiehouer het, sterf of ongeskik raak. Die voorgestelde wysigings om dit te bewerkstellig is—

21.2.1 deur die bewoording van die artikel se opskrif te wysig;

21.2.2 deur subartikel (1), wat nutteloos is, soos hierbo aangedui, te skrap, en

21.2.3 deur gepaste wysigings in die bewoording van subartikel (2) in te voeg.

22. Voorgestelde wysiging van artikel 46 van Wet 4 van 1996

22.1 Die voorgestelde wysigings in artikel 46 word genoodsaak deurdat eenvormigheid tussen die Wet en die Nasionale Wet ten opsigte van die tipes lisensies wat uitgereik kan word, bewerkstellig moet word. Die tipe lisensie "beperkte-dobbelmasjien-operateurlisensie" word dus in die opskrif van die artikel en in die artikel self, vervang deur die tipe lisensie "roete-operateurlisensie", en die uitdrukking "beperkte dobbelmasjien" word deur die uitdrukking "beperkte uitbetaalmasjien" vervang.

23. Voorgestelde wysiging van artikel 47 van Wet 4 van 1996

23.1 Op dieselfde wyse bring die voorgestelde wysigings in artikel 47 die bepalings van die Wet in ooreenstemming met dié van die Nasionale Wet deur in die opskrif van die artikel, en regdeur die artikel self, die woord "beperkte-dobbelmasjien-perseel-lisensie" deur die woord "terreinlisensie" te vervang, en die woorde "beperkte dobbelmasjien" deur die woorde "beperkte uitbetaalmasjien" te vervang.

23.2 Die voorgestelde invoeging van subartikel (3) stel dit duidelik dat 'n terreinlisensie gekoppel is aan die perseel ten opsigte waarvan dit uitgereik word.

23.3 Die voorgestelde invoeging van subartikel (4) stel dit duidelik dat, ofskoon 'n terreinlisensie ten opsigte van die betrokke perseel uitgereik word, die Raad nie so 'n lisensie mag uitreik indien die persone wat vir die bedryf van die dobbelarybesigheid op die terrein verantwoordelik gaan wees (hoewel hulle streng gesproke nie lisensiehouers is nie), of enige persoon wat 'n geldelike belang van vyf persent of meer in daardie persone het, nie vir lisensiëring ingevolge die Wet sou gekwalifiseer het nie. Daardeur word voorsiening gemaak vir maatreëls wat nodig is om die absolute integriteit van die beperkteuitbetaalmasjien-bedryf op individuele terreinvlak te verseker.

24. Voorgestelde wysiging van artikel 48 van Wet 4 van 1996

24.1 Die voorgestelde wysiging in subartikel (2) het ten doel om dit duidelik te stel dat 'n bingolisensie nie 'n vereiste vir bingo is wanneer dit ingevolge artikel 67(1)(c) van die Wet gemagtig is nie. Die subartikel in sy huidige vorm skep die indruk dat 'n lisensie te alle tye wanneer bingo gespeel word, 'n vereiste is, wat dus sou bots met artikel 1 en artikel 67(1)(c). Die voorgestelde wysiging is juis bedoel om hierdie onduidelikheid te verwyder.

25. Voorgestelde wysiging van artikel 53 van Wet 4 van 1996

25.1 Die voorgestelde wysiging in subartikel (3) bepaal, omrede van die betreklike onsekerheid wat tans oor die wettige toelaatbaarheid van poelwedderly op ander gebeurtenisse as perdewedrenne bestaan, dat 'n totalisator bedryf kan word ten opsigte van daardie gebeurlikhede wat bestaanbaar is met die bepalings van die Wet op Loterye, 1997 (Wet 57 van 1997).

26. Voorgestelde wysiging van artikel 54 van Wet 4 van 1996

Die voorgestelde wysiging in subartikel (2) verfyn die bewoording van daardie subartikel.

27. Voorgestelde wysiging van artikel 55 van Wet 4 van 1996

27.1 Die voorgestelde wysigings in subartikel (1) is bedoel om ooreen te stem met die gedetailleerde omskrywing van wedderly (soos deur gelisensieerde boekmakers uitgevoer) wat in artikel 1(3)(b) uiteengesit word.

27.2 Die voorgestelde wysigings in subartikel (3) stel dit duidelik dat boekmakers nie net weddenskappe aanvaar nie, maar ook aangaan ("dekkingsweddenskappe"), en skakel die onsekerheid uit oor die wettigheid van "totalisator-tipe weddenskappe" deur die bewoording deur die woord "totalisatorweddenskappe" te vervang. Daardeur word dit duidelik gestel dat ope weddenskappe, ten opsigte waarvan die wenpryse bepaal word volgens die dividend wat deur die totalisator gegenereer word, wettig aangegaan kan word deur die houer van 'n boekmakerlisensie.

28. Voorgestelde wysiging van artikel 55A van Wet 4 van 1996

28.1 Die voorgestelde skraping van subartikel (3) berus op die feit dat die betrokke bepaling (wat 'n oorgangsbepaling was) nie meer van toepassing is nie.

29. Voorgestelde wysiging van artikel 58 van Wet 4 van 1996

29.1 Die voorgestelde wysigings in artikel 58 is geskoei op wysigings wat in die Nasionale Wet aangebring gaan word en waartoe ingestem is. Dit sal die verkryging van geldelike belange in lisensiehouers reguleer. Die voordeel van die voorgestelde wysigings is dat daarmee toegegee word dat lisensiehouers nie altyd in 'n posisie sal wees om aan die vereiste in die bestaande subartikel (1) vervat, te voldoen nie. Dié subartikel bepaal dat lisensiehouers enige persoon moet verhinder om 'n geldelike belang van vyf persent of meer in lisensiehouers te verkry tensy dit gedoen word met die voorafverkreë goedkeuring van die Raad. Die verhandeling van aandele in 'n lisensiehouer kan sonder die lisensiehouer se medewete plaasvind, veral in die geval van 'n lisensiehouer wat 'n genoteerde maatskappy word, of verhandeling plaasvind in

genoteerde maatskappye wat self belange in 'n lisensiehouer het. Die voorgestelde subartikel (1) vereis dus van enige persoon wat so 'n belang verkry het, om binne 'n vasgestelde tydperk by die Raad aansoek te doen om die betrokke verkryging goed te keur. 'n Verdere voordeel van die voorgestelde herbewoorde subartikel is dat institusionele beleggers, openbaar verhandelde beleggers en instellings wat aandele nominaal namens die bevoordeelde eienaars daarvan hou, uitgesluit word van die trefwydte van die subartikel.

29.2 Die voorgestelde subartikel (2) stel dit egter as 'n vereiste dat 'n openbaar verhandelde belegger (wat as belegger op die Effektebeurs genoteer is en *vir sy eie rekening* in genoteerde maatskappye belê) wat tien persent of meer van die geldelike belang in 'n lisensie verkry, by die Raad aansoek moet doen om goedkeuring om so 'n belang te hou. Die logiese verklaring vir die gestipuleerde drempel van tien persent is dat openbaar verhandelde beleggers gewoonlik groot maatskappye is wat 'n ooreenstemmend sterk aandeelhouerprofiel het. Die verkryging van 'n belang van minder as tien persent deur so 'n belegger in 'n lisensiehouer sal dus nie meebring dat enige van die individuele aandeelhouers daarin 'n noemenswaardige deel van die ekwiteit in die lisensiehouer verkry nie.

29.3 Die voorgestelde subartikel (3) stel dit eweneens as 'n vereiste dat 'n institusionele belegger (te wete 'n belegger wat self genoteer is en *namens ander beleggers* in genoteerde aandele belê om slegs vir beleggingsdoeleindes te hou) wat vyftien persent of meer van die geldelike belang in 'n lisensie verkry, by die Raad aansoek moet doen om goedkeuring van die verkryging. Die logiese verklaring vir die drempel van vyftien persent is dat institusionele beleggers eksponensieel groter is en 'n selfs breër basis van individuele aandeelhouers het wat hul beleggings deel. Dit sal dus nie vir die Raad haalbaar of nodig wees om ondersoek in te stel na enige transaksie ten opsigte waarvan so 'n belegger 'n geldelike belang in 'n lisensiehouer verkry het nie, tensy daardie belang soveel as vyftien persent van die totale ekonomiese belang in die lisensiehouer is.

29.4 Die voorgestelde subartikel (4) maak die kwalifikasiemaatstawwe by artikels 28 en 30 ingestel en die vereiste ten opsigte van advertering van die aansoek in artikel 32 vervat, van toepassing op 'n aansoek wat ingevolge die artikel gedoen word. Dit verhoog die deursigtigheid van die proses uit die oogpunt van openbare deelname.

29.5 Die voorgestelde subartikel (5) belet die Raad om 'n aansoek ingevolge die artikel toe te staan waar bevind word dat die Aansoeker ingevolge die kwalifikasiemaatstawwe in die Wet vervat, gediskwalifiseer is.

29.6 Die voorgestelde subartikel (6) vereis dat enige Aansoeker wie se aansoek ingevolge die artikel geweier word, die betrokke belang binne 'n gestipuleerde tydperk moet wegdoen.

29.7 Die voorgestelde subartikel (7) verhoed enige persoon of kategorie van belegger in die artikel beoog om 'n belang namens 'n onbekende prinsipaal te verkry.

29.8 Die voorgestelde subartikel (8) skep uitsonderings op die toepaslikheid van die artikel. Hulle is sentrale effektebewaarplesse en bewaringsinstellings, soos in artikel 1 omskryf. Aangesien hierdie instellings self geen belang het in die sekuriteite wat hulle normaalweg namens ander hou nie, word die uitsondering in paragraaf (a) beoog, gewaarborg. Paragraaf (b) stel dit egter duidelik dat die bevoordeelde eienaars van sekuriteite aldus gehou nie vrygestel sal word van die toepassing van die artikel nie.

29.9 Die voorgestelde subartikel (9) beklemtoon die bepaling van die verskillende subartikels deur kriminele aanspreeklikheid ten opsigte van gevalle van nie-nakoming te skep.

30. Voorgestelde wysiging van artikel 66 van Wet 4 van 1996

30.1 Die voorgestelde wysigings in subartikel (1) verwyder die verwysing na “'n gelisensieerde renbaan” aangesien renbaanlisensies reeds uit die Wet geskrap is, en in plaas daarvan word die vereiste gestel dat wedrenbyeenkomste gehou moet word op “persele ingevolge hierdie Wet gelisensieer”. Die logiese verklaring vir hierdie bepaling is dat alle renbane in die Provinsie uiteraard gelisensieerde totalisatorpersele is.

30.2 Die doel van die voorgestelde wysiging in subartikel (2) is eweneens om die verwysing na die renbaanlisensie uit die subartikel te verwyder.

30.3 Die voorgestelde skraping van subartikel (3) berus op die beperkte mate waarin die vermoede deur die subartikel geskep, in enige vervolging van nut sal wees, tesame

met die grondwetlike probleme wat teengekom word by die toepassing van vermoedens in 'n strafhofkonteks.

31. Voorgestelde wysiging van artikel 67 van Wet 4 van 1996

31.1 Die voorgestelde wysigings in subartikel (1)(a) het ten doel om die bedoeling van die verbod in die subartikel vervat, te laat ooreenstem met die voorgestelde omskrywing van “dobbelaktiwiteit” in artikel 1 vervat.

32. Voorgestelde wysiging van artikel 72 van Wet 4 van 1996

32.1 Die voorgestelde wysiging in die opskrif van die artikel beoog 'n meer paslike beskrywing van die inhoud daarvan, te wete die aanspreeklikheid wat deur die gedrag daarin beoog, opgeloop word.

32.2 Die doel van die voorgestelde wysigings in subartikel (2) is om die bewoording daarvan aan die hand van die bedoeling van die subartikel te laat ooreenstem met die omskrywing van “dobbelaktiwiteit”, en om te spesifiseer dat aanspreeklikheid ter sprake sal wees selfs al kom bloot “enige aspek” van die bestuur of uitvoering van die aktiwiteit buite die Provinsie voor.

33. Voorgestelde wysiging van artikel 74 van Wet 4 van 1996

33.1 Die voorgestelde wysiging in subartikel (1) is bedoel om te onderskei tussen die voorgeskewe verpligtinge van die lisensiehouer ten opsigte van advertering met betrekking tot dobbelary, in teenstelling met die algemene verbodinge wat vir alle persone geld, soos dit in die nuwe voorgestelde subartikel (1A) voorkom. Die voorgestelde subartikel (1) moet ook 'n verwysing bevat na die regulasies ten opsigte van advertering wat die nasionale Minister van Handel en Nywerheid ingevolge die Nasionale Wet gemagtig is om te maak.

33.2 Die voorgestelde subartikel (1A) plaas effektief 'n verbod op enige persoon om enige advertering ten opsigte van enige dobbelaktiwiteit wat nie ingevolge die Wet of die wetgewing van 'n ander jurisdiksie in Suid-Afrika geleë, gelisensieer is nie, in die Provinsie te laat publiseer of om toe te laat dat dit gedoen word. Ook word 'n uitsondering geskep ten opsigte van advertensies van dobbelaktiwiteite wat ingevolge die wet van ander jurisdiksies gelisensieer is, mits die advertensie nie alleenlik of eksklusief op inwoners van die land gerig is nie of dit aan al die voorgeskewe vereiste voldoen en inwoners van die Provinsie buite die Provinsie sal moet reis om aan die geadverteerde aktiwiteit deel te neem.

34. Voorgestelde wysiging van artikel 75 van Wet 4 van 1996

34.1 Die voorgestelde invoeging van paragrawe (cA) en (cB) in artikel 75 het ten doel om die gedrag van enige persoon wat op 'n ander wyse as ooreenkomstig die Wet 'n rekenaar as 'n middel gebruik om aan 'n dobbelaktiwiteit deel te neem of 'n dobbelaktiwiteit beskikbaar te stel, ongeag waar daardie dobbelaktiwiteit plaasvind, te kriminaliseer en om 'n verbod te plaas op die verspreiding van rekenaarsagteware wat die funksie verrig of in hoofsaak bedoel is om die funksie te verrig, van persone in die Provinsie te bemagtig om toegang te verkry tot dobbelarybesighede buite die Provinsie wat internetdobbels aanbied.

35. Voorgestelde wysiging van artikel 75A van Wet 4 van 1996

35.1 Die voorgestelde wysigings in subartikel (1) het ten doel om dit duidelik te stel dat administratiewe sanksies, waarvoor die artikel voorsiening maak, opgelê kan word op grond van getuienis wat by enige ondersoekverhoor, ondersoek of navraag ingevolge die Wet uitgevoer, voorgelê of gelewer word, en om deur die invoeging van die uitdrukking “enige van of almal” klem te lê op die feit dat 'n aantal verskillende lisensiehouers (ongegag of hulle afsonderlik of in samewerking met ander persone optree) potensieel strafbaar kan wees met die straf in subartikel (2) bedoel.

36. Voorgestelde skrapping van artikels 84, 84A, 84B en 84C van Wet 4 van 1996

36.1 Die oorgangsbepalings wat vroeër in artikels 84 tot 84C van die Wet vervat is, is nie meer van toepassing nie en daar word nou voorgestel dat hulle geskrap moet word.

37. Voorgestelde invoeging van artikel 84D in Wet 4 van 1996

37.1 Die voorgestelde artikel maak voorsiening vir die kwessie van interaktiewe dobbel. Die betrokke bepalings is gebaseer op die feit dat artikel 11 van die Nasionale Wet wat interaktiewe dobbel (wat ingevolge nasionale wetgewing gereguleer gaan word) in die algemeen verbied. Die doel van die bepalings in die voorgestelde artikel 84D vervat is om die tipes aktiwiteite waarvoor die verbod geld, te spesifiseer, te wete transaksies wat op 'n ander wyse as ingevolge die Nasionale Wet toegelaat, plaasvind by wyse van die telefoon, telefaks, interaktiewe televisie, elektroniese pos, internet-deursending of enige verwante kommunikasiemedium.

37.2 Die voorgestelde subartikel (2) brei aanspreeklikheid uit na persone wat dobbelgeleenthede soos bogenoemde, aan persone in die Provinsie beskikbaar stel.

37.3 Die voorgestelde subartikel (3) skep uitsonderings ten opsigte van weddery wat ingevolge 'n boekmakerlisensie of totalisator-operateurlisensie plaasvind, en in gevalle waar die betrokke dobbelaktiwiteit plaasvind op toepaslik gelisensieerde persele (ten opsigte waarvan 'n deel van die aktiwiteite van 'n sentrale bediener na die betrokke perseel oorgesend word).

37.4 Die voorgestelde subartikel (4) maak dit 'n misdryf om enige van die bepalings van hierdie artikel te oortree.

38. Voorgestelde oorgangsbepalings (klousule 40)

38.1 Die voorgestelde subartikels (1) en (2) van die voorgestelde artikel 38 is bedoel om te verseker dat lisensies wat die Raad ten opsigte van tipes lisensies uitreik wat 'n naamsverandering ondergaan, geag word die tipes lisensies te wees soos in die Wetsontwerp omskryf.

38.2 Die voorgeskrewe subartikel (3) gaan oor die situasie wat ontstaan waar 'n persoon aan wie die Raad voorheen 'n lisensie uitgereik het, vanweë die gewysigde kwalifikasiemaatstawwe as lisensiehouer gediskwalifiseer word. Die voorgestelde subartikel verplig so 'n persoon om sy of haar werkgewer (normaalweg die houër van die betrokke operateurlisensie) binne 'n vasgestelde tydperk daarvoor in te lig, waarna die werkgewer of lisensiehouer die Raad in kennis moet stel sodat die toepaslike stappe gedoen kan word.

38.3 Die voorgestelde subartikel (4) bepaal dat 'n persoon wat voorheen gediskwalifiseer was om 'n lisensiehouer te wees maar ten gevolge van die gewysigde kwalifikasiemaatstawwe nie meer aldus gediskwalifiseer is nie, nie belet sal word om weer om 'n lisensie aansoek te doen binne die tydperke in artikel 31 van die Wet gespesifiseer nie. Die logiese verklaring vir hierdie bepaling is dat 'n persoon wat voorheen gediskwalifiseer was om 'n lisensie te hou, nie gepenaliseer behoort te word in omstandighede waar die diskwalifikasie op grond van die wysiging van die Wet verval het nie.

INQAKWANA LENGCACISO NGOKUBANZI:

- [] Amagama abhalwe ngqindilili nakoonobiyela abasikwele achaza oko kushiyeayo kwimithetho ekhoyo.
- _____ Amagama akrwelwe ngomgca ongqindilili ngezantsi achaza amagama afakelwe kwimithetho ekhoyo.

UMTHETHO OYILWAYO

Yenzelwe ukhlomla umThetho woNgcakazo neMidyarho weNtshona Koloni, 1996 ngokusebenzisa igama lesiNgesi elithi “Act” endaweni yegama elithi “Law”, kususwe imimiselo engqzulana nemimiselo ekumThetho weSizwe woNgcakazo, 2004; kuhlonyelwe iinkcazo ezithile; kulungiselelwe inkqubo yokukhutshwa kweelayisenisi zesizwe; kuhlonyelwe imimiselo ethile yofaneleko ngokubhekiselele kwiilayisenisi; kuhlonyelwe iintlobo ezithile zeelayisenisi; ukucima imimiselo ethile yethutyana esele iphelelwe lixesha; ukufaka imimiselo ethile yethutyana; nokujongana nemiba enxulumene noko.

KUNGOKO KE KUSIWISWA umthetho yiPalamente yePhondo leNtshona Koloni ngale ndlela ilandelayo:—

UkuHlonyelwa komThetho weBhodi yoNgcakazo nemiDyarho yeNtshona Koloni, 1996 (umThetho 4 ka 1996)

1. umThetho woNgcakazo neMidyarho weNtshona Koloni, 1996 (“umThetho oyintloko”) uhlonyelwa ngokususa igama lesiNgesi elithi “Law” kufakwe endaweni yalo igama lesiNgesi elithi “Act” naphi na apho lithe lasetyenziswa khona. 5

Ukuhlonyelwa kwendlela ekulungelelaniswe ngayo amacandelo omThetho 4 ka-1996

2. Indlela ekulungelelaniswe ngayo amacandelo omThetho woNgcakazo neMidyarho weNtshona Koloni, 1996 (umThetho oyintloko) ihlonyelwa ngolu hlobo:— 10

(a) ngokufakela emva komba 27 othi “Iintlobo zeelayisenisi”, lo mba ulandelayo:

“27A. IiLayisenisi zeSizwe”,

(b) ngokufaka lo mba ulandelayo endaweni yomba 29: 15

“29. Ukungafaneleki ngokubhekiselele kwiilayisenisi zengqesho”;

(c) ngokufaka lo mba ulandelayo endaweni yomba 30:

“30. **[Abantu abaminqweno ingamkelekanga ngokuthe ngqo okanye ngokungathangangqo]** Ukungafaneleki nokuchaphazeleka ngokubhekiselele kwezinye iilayisenisi”;

(d) ngokufaka lo mba ulandelayo endaweni yomba 41: 20

“41. **[Ukungadluliseki]** Izithintelo ezimalunga nokudluliseka kweelayisenisi”;

(e) ngokufakwa kwalo mba ulandelayo endaweni yomba 41A:

“41A. Ukufa okanye ukukhubazeka komntu onomqweno othile ngokubhekiselele kumnini-layisenisi”;

- (f) ngokufakwa kwalo mba ulandelayo endaweni yomba 46:
 “46. [Umatshini wongcakazo olungephi] Ilayisenisi yokusebenzisa umatshini wohlobo lwe-Route”;
- (g) ngokufakwa kwalo mba ulandelayo endaweni yomba 47:
